# HOOFSTUK VIER

## VERANDERING VAN DIE TRADISIONELE SKOOLKALENDER

In die vorige hoofstuk is die faktore wat die opstel van 'n skoolkalender mag beïnvloed onder die soeklig geplaas, asook die doeltreffendheid van die skoolkalender vir 1960 behandel. In hoofstuk twee (bladsy 33) is daar ook melding van die verslag van die Onderwysburo gemaak nadat die Transvaalse Onderwysdepartement opdrag daartoe gegee het.

In hierdie hoofstuk word die verslag breedvoeriger bespreek sowel as die verskillende memorandums van die T.O. wat daarna gevolg het. Maar van groter belang is die verslag van die Boshoff-Kommissie wat in die Volksraad ter tafel gelê is na 'n landswye ondersoek. As gevolg van die verslag het daar groot veranderings in die skoolkalenders van Transvaal, Kaapland en O.V.S. vanaf 1961 gekom. Hierdie veranderings het tot vraelyste en groot meningsverskille gelei wat breedvoerig in hierdie hoofstuk behandel sal word.

### 1. NAVORSING OOR SKOOLVAKANSIES IN TRANSVAAL

#### a. DIE OPDRAG

Soos dit reeds in die tweede hoofstuk duidelik geword het, het die Transvaalse Onderwysdepartement op 18 Mei 1954 opdrag aan sy Onderwysburo gegee om ondersoek in te stel na die verdeling van die skooljaar in skoolkwartale. Die Onderwysburo se bevindings en aanbevelings is in 'n verslag wat op 4 Februarie 1955 gepubliseer is, vervat.[1)]

#### b. ALGEMENE BEVINDINGS

In die verslag is die oorsprong van die Transvaalse kwartaalstelsel bespreek en 'n vergelyking tussen die tradisionele skoolkalender van Transvaal met die kalenders van die verwante Westerse lande getref. Die Onderwysburo kom dan min of meer tot die volgende algemene gevolgtrekkings:[2)]

---

1. Verslag van ondersoek na die wenslikheid van 'n drietermyn- of 'n tweesemester-skoolkalender, Onderwysburo, Nr. 21.

2. A.w., 5 en 7.

1. In stam- en verwante lande en in private skole in Transvaal word 'n drie-termynstelsel met 'n lang somervakansie toegepas. Op grond hiervan konkludeer die rapport dat daar geen steekhoudende motivering in Transvaal vir die kwartaalstelsel meer bestaan nie.

2. Eintlik was die mislukking van die uittoetsing van die twee-semesterjaar in 1952-1953 maar net 'n mislukking van 'n enigsins gewysigde vorm van die kwartaalstelsel. Uit hierdie eksperiment was dit egter duidelik dat dit wenslik is dat die swaartepunt van die somervakansie nie in Desember nie, maar wel in Januarie moet val, veral omdat talle organisasies vertoë tot die Departement in hierdie verband gerig het.

3. Verder het dit ook duidelik geword dat 'n openbare diens soos die Suid-Afrikaanse Spoorweë ook belang by die skoolvakansies van die verskillende provinsies het omdat die vervoervraagstuk van leerlinge sowel as die ekonomiese aspek daarvan noukeurige aandag van die Spoorweë moet geniet.

4. Gedifferensieerde kalenders terwille van afwykende klimaats- en ander toestande het ook onprakties geblyk te wees veral t.o.v. sekere administratiewe aangeleenthede en oorplasing van onderwysers.

5. Weens die populariteit van vakansies by die kus sowel as by binnelandse vakansie-oorde, verkies die Transvalers dat die wintervakansie redelik lank moet wees.

6. Weens die baie openbare en skoolvakansies gedurende die periode 5 tot 20 April is dit wenslik dat hierdie tydperk in 'n skoolvakansie moet val.

7. Dwarsdeur die Westerse wêreld word aanvaar dat die lengte van die skooljaar ongeveer 200 skooldae of ongeveer veertig skoolweke moet wees. Vir die skoolgaande kind skyn die 200 skooldae dus redelik te wees, alhoewel dit nog nie sover bekend, sielkundig of andersins gemotiveer is nie. Daar bestaan dus geen bekende of oortuigende redes om ver van hierdie gebruik af te wyk nie.

8. In ons land word 'n kwartaal van meer as 10 weke as besonder lank bestempel, terwyl termyne in sommige skole in die V.S.A. van 16 tot 24 weke redelik algemeen voorkom. Onwillekeurig word die vraag gevra of die sogenaamde antagonisme teenoor 'n lang kwartaal moontlik slegs 'n uitvloei-

sel is van die mag van die gewoonte. Die volgende aanhaling illustreer dit:

„Party mense beweer dat die kwartale te lank is en dat die kinders vermoeid sal raak, maar die medici wat geraadpleeg was, meen dat die bewering nie korrek is nie:

a. Omdat die kind elke naweek 'n rusperiode geniet.

b. Omdat, as 'n persoon ingestem is om 13 of 14 weke te werk in plaas van 11 of 12, die vermoeienis en afafwagting ook maar in die laaste week of wat sy verskyning maak.

c. Sommige privaatskole in ons land volg die drietermynstelsel met goeie gevolge en tevredenheid.

(Skrywe van Pretoria Ouersvereniging gedateer 23 Februarie 1953)."

c. DIE DRIE-TERMYNSKOOLJAAR

In die verslag word verskeie redes aangevoer waarom die drie-termynskooljaar oorweging behoort te geniet.[3)]

In 'n kwartaalstelsel is dit bykans onmoontlik om die hele Januarie as 'n vakansiemaand in die skoolkalender in te werk sonder om die vakansies te veel te versnipper. Dit sal veral die geval wees indien die somervakansie vanaf ongeveer 14 Desember tot aan die einde van Januarie moet strek.

In die geval van die drie-termynskooljaar sal daar 'n besparing van ongeveer 25% t.o.v. die opvoedkundige tyd aan die begin en einde van kwartale wees sowel as op die administratiewe werk en koste daaraan verbonde.

Wanneer daar drie vakansies is, sal dit vanselfsprekend moontlik wees om elke vakansieperiode minstens twee weke te maak met die gevolg dat leerlinge en persone 'n behoorlike tydjie van ontspanning sal kan geniet.

Onderwysers sal langer moet dien alvorens hulle 'n volle termyn verlof sal kry maar hulle sal dan weer aan die anderkant baat by die langer verloftydperk sowel as die vakansietyd wat dit sal voorafgaan.

Kosgangers se ouers sal ook minstens 25% aan reisgeld kan bespaar en gevolglik sal die taak van die Spoorweë ook aansienlik vergemaklik word.

Indien die ander provinsies ook na 'n soortge-

---

3. Verslag van ondersoek deur Onderwysburo, a.w., 7 en 8.

lyke stelsel oorslaan, sal dit beteken dat die saamval van begin- en sluitingsdatums van skole in die verskillende provinsies makliker voorkom kan word.

Daar sal ook heelwat moeilikhede en probleme in die weg van die drie-termynskooljaar lê. Aanvanklik sal dit heelwat administratiewe ontwrigting en heraanpassing veroorsaak maar die verslag voer aan dat administratiewe moeite en ongerief nie in die weg van onderwysdoeltreffendheid behoort te staan nie. Indien die somervakansie verleng moet word om die skole vir die hele Januarie te sluit, sal dit noodwendig gedoen kan word ten koste van die wintervakansie en so 'n stap sal sekerlik baie ontevredenheid veroorsaak. Die wintervakansie sal dan ook noodwendig laat in die winter moet val, d.w.s. byna in die begin van die lente sodat die gebruiklike vakansie gedurende Julie, derhalwe sal moet verval. Dit sal ook baie moeilik wees om die openbare vakansiedae tydens die eerste helfte van April binne die skoolvakansie na die eerste termyn te laat val, tensy die skool reeds baie vroeg in Januarie moet begin en dit is juis die een ding wat vermy moet word.

d. <u>DIE TWEE-SEMESTERSKOOLJAAR</u>

Die volgende redes word aangevoer waarom die twee-semesterskooljaar oorweeg kan word:[4)]

Die argumente wat reeds aangehaal is ten gunste van die drie-termynjaar t.o.v. besparing van opvoedkundige tyd en administratiewe werk en die gevolglike koste daaraan verbonde, geld nog sterker vir die twee-semesterjaar. Noodwendig sal dit ook meebring dat Provinsiale koshuise in sommige gevalle aan die gang moet bly teneinde voorsiening te maak vir leerlinge wat nie gedurende die kort vakansie huis toe kan gaan nie.

Die moeilikhede wat ondervind word i.v.m. 'n drie-termynjaar word almal outomaties uitgeskakel by die twee-semesterjaar. Die openbare vakansiedae in April kan saamgevat word in 'n kort rustyd in April wat moontlik ook verleng kan word deur een Saterdag as 'n gewone skooldag te beskou. Die wintervakansie sal ook weer in die winter kan val, en wel gedurende Juliemaand. Omdat die

4. Verslag van ondersoek deur Onderwysburo, a.w., 11 en 12.

twee ander vakansies in die semesters kort is, sal dit nie nodig wees om die wintervakansie te verkort terwille van die somervakansie nie.

Die redes waarom die eksperiment met die twee-semesterjare in 1952 en 1953 misluk het, kan ook almal uitgeskakel word. So bv. kan die hele Januariemaand instede van Desember as vakansiemaand beskou word. Dit sal dan ook moontlik wees vir die Departement om daadwerklike stappe te doen om die twee-semesterjaar 'n werklikheid te maak en gevolglik die aanstellings per semester te maak, state ook so opeis en uitstuur ens. Die verlofkwessie van onderwysers behoort ook nie meer 'n probleem te veroorsaak nie aangesien die onderwysers moontlik sal verkies om 'n hele semester as verlof te neem met die oog op die lang vakansies wat so 'n semester voorafgaan en opvolg. Indien so verkies word, kan ook reëlings getref word vir halwe semesters as verlof. Die vakatures wat dan so ontstaan, kan desnoods uit die aflospersoneel van die Departement gevul word. Aangesien die eindes van semesters nog naasteby sal saamval met die tradisionele eindes van twee vroeëre skoolkwartale, behoort die ontwrigting in die administratiewe afdelings van die Departement nie ingrypend van aard te wees nie.

e. <u>KONSEPKALENDERS VIR 1956</u>

Die volgende konsepkalenders op die basis van 'n drie-termynskooljaar sowel as 'n twee-semesterskooljaar is deur die Onderwysburo voorgestel. Dit is nogal opmerklik dat eg. in hoofsaak baie ooreenkom met klimaatsgenote, Australië en Nieu-Seeland.

KONSEPKALENDERS OP DIE BASIS VAN 'N DRIE-TERMYN SKOOLJAAR MET DIE JAAR 1956 AS UITGANGSPUNT 5)

"a. Met normale somervakansie (ongeveer 35 dae) en normale wintervakansie (ongeveer 30 dae) en eerste helfte van April binne 'n skoolvakansie:

i. Skole heropen 17 Januarie (Dinsdag), sluit 5 April (Vrydag).

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Januarie | 15 - 4 | skooldae |
| Februarie | 29 - 8 | skooldae |
| Maart | 31 - 9 | skooldae |
| April | 5 - 1 | skooldae |
| | 80 -22 | = 58 skooldae |

5. Verslag van ondersoek deur Onderwysburo, a.w., 9 en 12.

ii. Skole heropen 24 April (Dinsdag), sluit 10 Augustus (Vrydag).

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| April | 7 - 2 | skooldae |
| Mei | 31 - 8 | skooldae (31 Mei Uniedag) |
| Junie | 30 - 9 | skooldae |
| Julie | 31 - 9 | skooldae (11 Julie Koninginsverjaarsdag) |
| Augustus | 10 - 1 | skooldae |
| | 109 -(29 + 2) = | 78 skooldae |

iii. Skole heropen 11 September (Dinsdag), sluit 7 Desember (Vrydag).

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| September | 20 - 6 | skooldae |
| Oktober | 31 - 8 | skooldae (10 Oktober Krugerdag) |
| November | 30 - 8 | skooldae |
| Desember | 7 - 1 | skooldae |
| | 88 -(23 + 1) = | 64 skooldae |

TOTAAL SKOOLDAE = 200.

b. Met normale somervakansie (ongeveer 35 dae) en normale wintervakansie (ongeveer 30 dae) maar met eerste termyn verleng deur openbare vakansiedae in April binne skooltermyn te laat val:

i. Skole heropen 17 Januarie (Dinsdag), sluit 27 April (Vrydag)

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Januarie | 15 - 4 | skooldae |
| Februarie | 29 - 8 | skooldae |
| Maart | 31 - 9 | skooldae |
| April | 27 - 7 | skooldae (V.R. Dag, Goeie-Vrydag, Paasmaandag) |
| | 102 -(28 + 3) = | 71 skooldae |

ii. Skole heropen Dinsdag 15 Mei, Sluit Vrydag 10 Augustus.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Mei | 17 - 5 | skooldae (31 Mei Uniedag) |
| Junie | 30 - 9 | skooldae |
| Julie | 31 -10 | skooldae (Koninginsverjaarsdag) |
| Augustus | 10 - 1 | skooldae |
| | 88 -25 = | 63 skooldae |

iii. Skole heropen Dinsdag 11 September, sluit Woensdag 12 Desember.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| September | 20 - 6 | skooldae |
| Oktober | 31 - 9 | skooldae (Krugerdag) |
| November | 30 - 8 | skooldae |
| Desember | 12 - 4 | skooldae |
| | 93 -27 = | 66 skooldae |

TOTAAL SKOOLDAE = 200.

c. Met verlengde skoolvakansie in die somer en verkorte vakansie in die winter. (Hele Januarie word vakansiemaand).

i. Skole heropen Woensdag 1 Februarie, sluit Vrydag 4 Mei.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Februarie | 29 - 8 | skooldae |
| Maart | 31 - 9 | skooldae |
| April | 30 -12 | skooldae (3 openbare vakansiedae) |
| Mei | 4 - 0 | skooldae |
| | 94 -29 | = 65 skooldae |

ii. Skole heropen Dinsdag 22 Mei, sluit Vrydag 4 Augustus.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Mei | 10 - 3 | skooldae (Uniedag) |
| Junie | 30 - 9 | skooldae |
| Julie | 31 -10 | skooldae (Koninginsverjaarsdag) |
| Augustus | 24 - 7 | skooldae |
| | 95 -29 | = 66 skooldae |

iii. Skole heropen Dinsdag 11 September, sluit Vrydag 14 Desember.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| September | 20 - 6 | skooldae |
| Oktober | 31 - 9 | skooldae (Krugerdag) |
| November | 30 - 8 | skooldae |
| Desember | 14 - 4 | skooldae |
| | 95 -27 | = 68 skooldae |

TOTAAL SKOOLDAE = 199.

KONSEP - TWEE-SEMESTERKALENDER VIR 1956

i. Skole heropen Woensdag 1 Februarie, sluit Vrydag 29 Junie.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Februarie | 29 - 8 | skooldae |
| Maart | 31 -10 | skooldae (Goeie Vrydag) |
| April | 30 -14 | skooldae (Breek 30 Maart-8 April) |
| Mei | 31 - 9 | skooldae (Uniedag) |
| Junie | 29 - 9 | skooldae |
| | 150 -50 | = 100 skooldae |

ii. Skole heropen Dinsdag 31 Julie, sluit Vrydag 14 Desember.

Ontleding:

| | | |
|---|---|---|
| Julie | 1 - 0 | skooldae (Koninginsverjaarsdag) |
| Augustus | 31 - 8 | skooldae |
| September | 30 -11 | skooldae (5 September vakansiedag) |
| Oktober | 31 -11 | skooldae (Breek 6-10 Oktober) |
| November | 30 - 8 | skooldae |
| Desember | 14 - 4 | skooldae |
| | 137 -42 | = 95 skooldae |

TOTAAL SKOOLDAE = 195.

L.W.

i. Die skooldae vir die jaar is wel 195 in plaas van 200 maar met die oog op die groter kontinuiteit van skoolwerk sal dit meer werd wees as die 200 dae met 'n vierkwartaalkalender.

ii. Met die oog op die periodieke verskyning van polio teen die middel van die somer is dit baie wenslik om skole eers in Februarie te laat heropen soos vanjaar noodgedwonge die geval was. Dit, afgesien van die ander argumente ten gunste van Januarie as vakansiemaand.

iii. Die idee dat aan die einde van die jaar, dit wil sê, net voor die Desembervakansie, die leerlinge hoogstens twee dae vroeër huis toe gaan as die personeel, skyn algemene byval by die professie te vind. Dit sal die „handuit" laaste dae uitskakel wanneer die personeel soveel administratiewe werk moet afhandel dat daar van „skoolhou" geen sprake kan wees nie."

f. OPSOMMING

Na voltooiing van sy ondersoek kom die Onderwysburo tot die slotsom dat daar geen steekhoudende motivering vir Transvaal meer bestaan om voort te gaan met die kwartaalstelsel nie. Vervolgens word daar dan aan die hand gedoen dat Transvaal net soos die meeste verwante lande moet oorskakel na 'n drie- of twee-termynstelsel toe, met besonderhede soos aangetoon in voorafgaande konsepkalenders vir die jaar 1956.

2. MEMORANDUMS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSERS-VERENIGING

a. MEMORANDUM VAN 26 MAART 1955

Nadat die bevindings en aanbevelings van die Onderwysburo se ondersoek i.v.m. die indeling van skoolkalenders op 4 Februarie 1955 bekend gemaak is, het die T.O., mondstuk van die grootste groep Afrikaanssprekende onderwysers, 'n memorandum oor die aangeleentheid opgestel en dit aan die Onderwysdepartement voorgelê.[6]

Die argumente wat deur die Onderwysburo aangevoer is ten gunste of teen 'n bepaalde stelsel word ontleed en daarna maak die T.O. ook sy eie aanbevelings.

---

6. Notuleboek van die T.O.: Johannesburg. Memorandum i/s Skoolkalender vir 1955 gedateer 26 Maart 1955.

i. Ontleding van aangevoerde redes

Die voorbeeld van lande wat klimatologies wyd van ons verskil word nie as goeie voorbeelde beskou nie. Die klimaat is daar so ongunstig gedurende die winter dat min dae daarvan buitenshuis deurgebring kan word, terwyl die somervakansie dus noodwendig lank moet wees. Daar is ook geen warm vakansieoorde binne bereik in die lande soos dit die geval in Transvaal is nie. Die gebruik in Australië, Rhodesië en private skole t.o.v. vakansies is onbegryplik en dit sal eers moet bepaal word of dit op wetenskaplike grond of sentiment berus voordat daar enige waarde aan hulle stelsels geheg kan word.

Die verkwisting van opvoedkundige tyd en die uitskakeling van 'n groot hoeveelheid administratiewe werk kan deur die Departement uitgeskakel word sonder om die kalender te verander.

In belang van die gesondheid van skoolgaande kinders in Transvaal, is dit noodsaaklik dat daar minstens vier vakansies per jaar in Transvaal moet wees en dat twee kortes in soverre moontlik minstens tot 'n week verkort moet word. Die voorkoms van polio vereis besondere maatreëls en dit is wenslik dat die skool so laat moontlik in Januarie moet begin.

Die belange van die Spoorweë en openbare vervoergeriewe mag nie in aanmerking geneem word waar dit met die belange van die kind bots nie en die besparing van reisgeld vir ouers met die vervoer van kosgangers kan ook buite rekening gelaat word.

Die klimaat in ons land bepaal wel die onwenslikheid van drie termyne. 'n Vakansie gedurende Meimaand is onwenslik omdat dit een van die vrugbaarste studiemaande is. Augustus is weer 'n maand wat as gevolg van sy stofstorms onwenslik is vir vakansie. In die twee maande moet daar dus skool gehou word.

Die opstel van die skoolkalender word wel ook beïnvloed deur sekere vakansiedae. Die Paasvakansie bepaal 'n onderbrekeing terwyl Geloftedag weer die afsluiting van die skooljaar aandui. Dan is daar ook nog 10 Oktober wat ter wille van die Afrikaanssprekendes dus binne die skooltermyn moet val. Terwille van die klimaat, die ge-

sondheid van leerlinge en die vakansiedae, is dit wenslik dat daar vier vakansies moet wees.

Ten slotte word daarop gewys dat die voorgestelde verandering nie die belange van onderwysers in ag neem of bevorder nie. So bv. sal onderwyseresse wat in die huwelik tree te veel vakansieverlof moet prysgee, terwyl onderwysers wat vir die eerstekeer diens aanvaar te veel geldelike skade ly as skole laat in Januarie begin. Langverlof vir onderwysers sal in baie gevalle te lank wees as die twee vakansies weerskante by die kwartaal in 'n drie-termynjaar bymekaar getel word, veral as onderwysers nie uitgebreide reise onderneem of boerderye besit nie.

ii. Die Twee-termynkalender

Die T.O. erken die bestaan van wesenlike besware teen die vier-termynkalender wat hoofsaaklik administratief is. Hierdie besware kan maklik uit die weg geruim word deur die instelling van 'n twee-termynkalender. Daar word ook gemeld dat die Onderwysburo die mislukking van kalenders vir 1952 en 1953 verkeerdelik toeskryf aan 'n eksperiment van 'n twee-termynjaar. Gedurende genoemde jare was die skooljaar nog administratief en organisatories in vier kwartale verdeel. Die verskuiwing van die somervakansie na die begin van Desember was eintlik die enigste verskil met die tradisionele skoolkalender.

Die T.O. verklaar dan ook verder dat daar destyds deur die vereniging beswaar gemaak is teen die proefneming en wel om die volgende redes:

(a) Die vroeë begin in Januarie bemoeilik die organisasie van die provinsiale skoolkoshuise omdat hulle nie so kort na Nuwejaarsdag al gereed sou wees om kosgangers te ontvang nie.

(b) Baie kinders sal eers later in Januarie saam met hulle ouers terugkeer vanaf vakansieplekke en sodoende die organisasie van die skool versteur.

(c) So 'n indeling gee 'n te lang eerste kwartaal en 'n te kort vierde kwartaal.

Voorts verklaar die T.O. dat daar in die twintiger jare 'n mislukte proefneming gemaak is met 'n twee-semesterskooljaar. As redes vir die mislukking daarvan word o.a. die volgende aangevoer.

(a) Daar was 'n groot aantal onderwysers wat siekteverlof aangevra het, wat natuurlik ontmoedigend was vir die Departement.

(b) Leerlinge het baie aan vermoeienis gely gedurende die tweede semester sodat hulle werk daaronder gely het.

Hierdie foute wat destyds gemaak is, behoort vermy te word en dan sal 'n twee-termynkalender 'n oplossing bied vir die meeste moeilikhede wat met die skoolkalender ondervind word. Daar word dan ook op sekere beginsels gewys wat wel deeglik in aanmerking geneem moet word soos bv.

(a) Die invloed van Paasnaweek en Geloftedag op vakansiereëlings is belangrik en moet deeglik in aanmerking geneem word.

(b) Die twee kort onderbrekings in die middel van die twee semesters behoort nie korter as 'n week te wees nie. Sodoende kan Aprilmaand se rustydjie gebruik word vir die hou van kongresse terwyl die Oktober-rustydjie noodsaaklik is voordat die vierde kwartaal met die eksamens, 'n aanvang neem.

(c) Omdat die gunstigste maande vir studie gedurende Maart tot Junie val, behoort die eerste semester dus die langste te wees.

(d) As gevolg van die daarstelling van 'n groot aantal laer- en hoërskole is die afstande na die skole dus nou baie korter. Gevolglik sal slegs enkele skoolkoshuise moontlik gedurende die twee kort vakansies losies moet bly verskaf aan 'n klein aantal leerlinge. Slegs 'n baie klein persentasie leerlinge sal ook van die Spoorweë van vervoer na hulle ouerhuise afhanklik wees.

(e) Die lengte van Januarie as vakansiemaand sal ook afhang van die invloed van die Paasvakansie en Geloftedag op die indeling van die skooljaar. Indien die skool kort voor Kersfees kon sluit, sou dit vanselfsprekend 'n hele maand vakansie gedurende Januarie, ten gevolge hê.

## iii. Die Twee-termynkalender vir 1956

Die ontwerpkalender wat deur die Onderwysburo opgestel is soos uiteengesit op bl. 84 word deur die T.O. in hierdie memorandum aanvaar. Daar word egter die volgende wysigings voorgestel:

(a) Die skool moet op 24 Januarie instede van op 1 Februarie open. Dit bring mee dat die skooljaar met ses skooldae verleng word.

(b) Die onderbreking in die tweede semester vanaf 6 tot 10 Oktober moet verskuif word na die tydperk 29 September tot 7 Oktober. Op hierdie wyse sal 10 Oktober in die skoolkwartaal val. Hierdie reëling bring dan 'n verlies mee van drie skooldae wat dan beteken dat die skooljaar uit 198 skooldae, instede van uit 195 sal bestaan soos deur die Onderwysburo voorgestel.

Indien hierdie kalender werklik aan sy doel moet beantwoord, is dit nodig dat daar streng op die volgende bepalings gelet sal moet word:

(a) Departementele omsendbriewe behoort met korter tussenposes te verskyn teneinde skole beter op hoogte van sake te hou.

(b) Vakansieverlof word vir halwe semesters bereken en plaasvervangende onderwysers gevolglik ook slegs vir halwe semesters benoem.

(c) Leerlinge in laerskole kan in November reeds bevorder word en die skoolwerk kan dan onbelemmerd voortgaan tot aan die einde van die termyn. Dieselfde prosedure kan ook in hoërskole gevolg word, uitgesonderd die skooleindeksamen.

(d) Aan die einde van die tweede semester moet leerlinge twee dae voor die tyd huis toe gestuur word.

(e) Waar enigsins moontlik, moet die twee kort onderbrekings tot tien dae verleng word.

(f) Skoolhou op Saterdae moet nie aangemoedig word nie aangesien dit in die praktyk nie geslaagd was nie.

iv. Samevatting

Uit die memorandum van die T.O. blyk dit dat die Vereniging gekant is teen die instelling van 'n drie-termynskooljaar. Ook bly hy 'n voorstander van die konvensionele skoolkalender van vier termyne. Hierdie vier termyne kan maklik as 'n tweesemesterjaar beskou word, met die twee onderbrekings gedurende April en Oktober. Daar word dus akkoord gegaan met die Buro se konsep twee-semesterkalender vir 1956 mits 'n paar veranderings aangebring word.

By implikasie beteken dit dat skole teen die einde van Januarie moet begin met 'n vakansie van ongeveer tien dae gedurende die Paasreses en die sluiting van skole na die eerste semester teen die einde van Junie. Die wintervakansie duur gedurende die hele Juliemaand en die tweede semester eindig kort voor 16 Desember. Die onderbreking gedurende Oktober moet ook ongeveer tien dae duur met 10 Oktober as enkele vakansiedag gedurende die semester.

Gerieflikheidshalwe kan die halwe termyne nog as kwartale beskou word met die duidelike besef dat hulle organisatories niks anders as halwe termyne is nie en gevolglik ook 'n vermindering van administratiewe werk sal meebring.

b. MEMORANDUM VAN 26 NOVEMBER 1956

i. Versoek van die Transvaalse Onderwysdepartement

Op 17 November 1956 is die volgende skrywe deur die Onderwysdepartement aan die T.O. gerig:[7]

„Geliewe ook 'n alternatiewe kalender vir 1958 op te stel met die oog op die moontlikheid dat die Spoorweë vakansiekonsessies in Maart/April sal gee en dat hotelle goedkoper tariewe vir daardie maande sal aanbied. Maak ook voorsiening vir 'n skoolvakansie van tussen 3 en 4 weke aan die einde van die eerste kwartaal."

Hierdie versoek het gelei tot die opstel van die memorandum van die T.O. met die inhoud soos volg:[8]

ii. Standpunt van die Transvaalse Onderwysersvereniging

(a) Die Belange van die Spoorweë en Hotelwese

Die T.O. verklaar dat die Spoorweë nie veel belang by die daarstelling van 'n derde lang vakansie het nie omdat die treine in elk geval gedurende daardie tydperk vol bespreek is en ekskursietariewe in werklikheid 'n verlies vir die Spoorweë sal beteken. 'n Verspreiding van vakansies van die verskillende provinsies sal vir die Spooorweë wel voordelig wees.

Hierdie voorstel om nou vir 'n derde langvakansie aan die einde van die eerste kwartaal voorsiening te maak, het dan blykbaar sy oorsprong by die hotelle en losieshuise aan vakansieoorde wat dit moeilik vind om 'n bestaan te maak aangesien hulle gedurende die bestaande lang vakansie oorstroom word en vir die res van die jaar dan weer min aftrek geniet. 'n Derde langerige vakansie sal dus ekonomies voordelig vir hulle wees, terwyl die verskaffing van huisvesting vir meer mense, moontlik 'n altruïstiese oorweging is.

(b) Die belange van die Onderwys

Die skepping van 'n derde lang vakansie sal moontlik deur min skoolouers benut kan word aangesien hulle verlof slegs op gesette tye toegestaan word.

By implikasie word verwag dat 'n derde lang vakansie gevolglik 'n korter wintervakansie ten gevolg

7. Memorandum van die T.O.: 26/11/56 in antwoord op versoek van die T.O.D., E.13 van 17/11/56.

8. Idem.

sal hê wat groot ontevredenheid sal veroorsaak. Die wintervakansie behoort nie korter as vier weke te wees nie. Die somervakansie hoef eintlik nie langer as vier weke te duur nie en hierdie vakansie kan desnoods met 'n week verkort word. Aan die anderkant is dit weer wenslik dat skole as gevolg van die uitputtende hitte in sekere dele in Transvaal tog wel so laat moontlik in Januarie moet begin.

Die gesondheidsfaktor kan nie uit die oog verloor word nie en daar bestaan geen gegronde rede waarom die skole of groepe skole in die laeveld nie toegelaat kan word om net soos in Kaapland die somervakansie ten koste van die wintervakansie te verleng nie. Hierdie keuse het reeds voorheen bestaan en behoort weer ingestel te word. Die voorkoms van polio gedurende die eerste kwartaal en die geval toe die skole vir twee weke aan die begin van die kwartaal gesluit is, dui daarop dat kinders nie aangemoedig moet word om vroeg in April na vakansieoorde te gaan nie.

Sonder twyfel is die Aprilvakansie die gunstigste tyd vir vakansie. Die tweede kwartaal is ook die gunstigste kwartaal vir studie en reeds vanaf die begin kan daar kalm en konstruktief gewerk word. Die klimaat is gunstiger as gedurende enige ander jaargety en dit is wenslik om die kwartaal so lank moontlik te hou. As daar dus tussen ontspanning en werk gekies moet word, val die keuse op laasgenoemde. 'n Verlengde vakansie aan die begin van die tweede kwartaal word dus op grond hiervan verwerp en geen ekonomiese belange kan in hierdie geval teen die belange van die onderwys opweeg nie.

<u>iii. Samevatting</u>

Die T.O. handhaaf nog sy standpunt en bly 'n voorstander van die tradisionele kalender omdat dit as die geskikste vir Transvaal beskou word. Die aanbeveling wat voorheen gedoen is, nl. dat die skooljaar in twee semesters verdeel word met onderbrekings van ongeveer tien dae in April en Oktober, is in werklikheid nie 'n afwyking van die tradisionele patroon nie maar dit beoog slegs 'n vermindering van die hoeveelheid administratiewe werk.

Die belange van die onderwys weeg dan ook swaarder as die ekonomiese belange van die hotelwese of

ander belanghebbende instansies.

Klaarblyklik het die Onderwysdepartement toe nie veel afgewyk van die bestaande skoolkalender nie en is die kalender vir 1958 min of meer opgestel soos dit alreeds in die verlede was. Die skole het vir die Aprilvakansie op 2 April gesluit en weer op 15 April 1958 heropen.

c. MEMORANDUM VAN DIE T.O. OOR DIE VERSPREIDING VAN SKOOLVAKANSIES - 25 NOVEMBER 1959

Dit is onseker of hierdie memorandum opgestel is op versoek van die Departement of wel omdat die moontlikheid van 'n veranderde skoolkalender in die nabye toekoms toe al reeds bespreek is en dit die reaksie van die T.O. daarop was.[9]

Die T.O. verklaar dat hy in hoofsaak nog dieselfde standpunt huldig soos uiteengesit in sy memorandum van 26 November 1956.

i. Sluiting kort voor Kersfees

Tot ongeveer tien of twintig jaar gelede sou dit nie moontlik gewees het om 16 Desember in die skoolkwartaal in te sluit nie maar die moderne vervoermiddels het grotendeels daartoe bygedra om die fees tot een dag te beperk en nie meer oor 'n tydperk van drie dae, soos dit voorheen die geval was nie. Die hulp van skole kan selfs nuttig wees met die feesdag gedurende die skoolkwartaal.

Voorts word daar verklaar dat daar in gedagte gehou moet word dat die boubedryf en fabriekswese vanaf ongeveer 15 Desember tot 2 Januarie vakansie hou en dat 'n sluiting van skole op 22 Desember dus erg ongerieflik vir daardie groepe skoolouers sal wees. Winkelassistente weer, kry gewoonlik na 1 Januarie verlof en in hulle belang behoort die skole nooit voor 14 Januarie te heropen nie.

Indien die belange van bou- en fabriekswerkers en winkelassistente ook in aanmerking geneem word, behoort die somervakansie van ongeveer 14 Desember tot ongeveer 14 Januarie te duur.

---

9. Memorandum van die T.O. gedateer 25 November 1959.

ii. Skoolhou op Saterdae

In die verlede is daar soms op 'n Saterdag skoolgehou met die doel om 'n lang naweek te wen. Hierdie gebruik was nie 'n sukses nie en die gedagte om op 'n aantal Saterdae skool te hou teneinde die Aprilvakansie te verleng, moet onvoorwaardelik afgekeur word.

iii. Gevolgtrekking

Na grondige oorweging verklaar die T.O. dat daar om verskeie opvoedkundige redes nie ver afgewyk behoort te word van die tradisionele skoolkalender nie. Daar moet veral ook nie inbreuk gemaak word op die studietyd van die tweede kwartaal nie.

As gevolg van die koue, vervoer van leerlinge in ondigte busse, koue klaskamers en ernstige verkoues by leerlinge, moet Julie as die vakansiemaand beskou en behou word.

iv. Samevatting

In hierdie memorandum handhaaf die T.O. nog dieselfde sienswyse soos in sy memorandum van 26 November 1956. Die vier-termynkalender moet behou word met slegs kleiner wysigings na gelang van omstandighede. Prinsipieel is daar egter nou geen beswaar indien 16 Desember in die kwartaal val nie want „met 'n fees gedurende die skoolkwartaal kan die hulp van skole selfs nuttig aangewend word."

3. VERSLAG VAN DIE KOMITEE VAN ONDERSOEK NA DIE VERSPREIDING VAN VAKANSIETYDPERKE IN DIE UNIE

a. DIE OPDRAG

In Oktober 1958 het die Regering 'n komitee bestaande uit Dr. S.P.E. Boshoff, mnre. A.D. Lee en F.J. le Roux benoem met die volgende opdrag:[10]

„Om ondersoek in te stel na, en verslag te doen oor die wenslikheid en uitvoerbaarheid daarvan om veranderings aan te bring in die vakansietydperke wat tans van toepassing is op die belangriker seksies van die Unie se blanke bevolking met die oog daarop om 'n eweredige

10. Verslag van die Komitee van Ondersoek na die Verspreiding van Vakansietydperke in die Unie, 1 en 2.

verspreiding van vakansies dwarsdeur die jaar te bereik. Die Komitee moet in sy ondersoek spesiaal aandag wy aan:

(a) die uitwerking van die „seisoen"-vakansietydperke op die hotelbedryf en vervoergeriewe en die ekonomiese en ander gevolge van die huidige stelsel;

(b) die uitwerking op akkommodasie- en vervoergeriewe van die huidige patroon waarvolgens skoolvakansies deur die onderwysinstansies van die verskillende provinsies gereël word, met inagneming van die uitwerking hiervan op die geriewe wat aan besoekers van buite die Unie beskikbaar is;

(c) die belangrikheid van die rol wat die plaaslike toeristebedryf in die Unie se ekonomie speel, en of die huidige vakansietydperke die ontwikkeling en uitbreiding van die Unie se plaaslike toeristebedryf nadelig beïnvloed, al dan nie;

(d) die uitwerking van die feitlik gelyktydige sluiting vir vakansiedoeleindes in die handel en nywerheid op die hotelbedryf en vervoergeriewe;

(e) die mate waarin die datum waarop vakansiebonusse uitbetaal word, die toestand beïnvloed."

Hierdie komitee is ietwat anders saamgestel toe Senator J.G. Brink en Mnr. P. Smith in die plekke van Mnre. Lee en le Roux aangestel is, aangesien laasgenoemdes weens omstandighede nie met die werk kon voortgaan nie. Mnr. P. Smith van Spoorweghoofkantoor het as Sekretaris opgetree.

## b. VOORGESKIEDENIS EN VOORARBEID

Die Komitee verklaar in sy verslag dat die vraagstukke wat in ons land uit vakansiereëlings voortvloei reeds al 'n ou probleem is maar wat met die aanwas van die bevolking en die ingewikkelder struktuur van ons samelewing, steeds aktueler word. Verskeie openbare liggame het reeds in die verlede aandag aan die probleem geskenk en hulle bevindings is ook deur die Komitee met die nodige sorg bestudeer.[11)]

Die Komitee voer dan voorts ook die volgende omstandighede aan as redes vir die feit dat die vraagstukke nie al eerder aangepak en opgelos is nie:[12)]

(a) Die probleem het nie plotseling onstaan nie maar het ongemerk en geleidelik ontwikkel namate die struktuur van die samelewing ingewikkelder geword het.

(b) Die groot volksmassa, meer bepaald die potensiële vakansiegangers van leerlinge, leerkragte en ouers, is

11. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., Bylae 1.
12. Ibid., Bylae 1, 2 en 4.

oor die algemeen baie tradisievas en 'n houding van verset sal gevolglik geskep word teen die verandering van 'n vakansiepatroon wat reeds tradisioneel geword het.

(c) Die probleem is in die verlede eerder uit 'n provinsiale as uit 'n uniale oogpunt benader. Die indruk word geskep dat elke provinsie sy skoolvakansies wil reël vir die tyd wat vir hom die beste pas. Al die provinsies, maar veral Natal, handhaaf 'n isolementshouding ten opsigte van die probleem.

(d) Voorheen is die aangeleentheid van vakansiereëling op 'n uniale grondslag aangeroer of meestal deur 'n liggaam wat direkte belang by die saak gehad het ondersoek. Gevolglik is daar 'n mate van agterdog teenoor die liggame geskep wat selfs ook teenoor hierdie Komitee sal ontstaan. Die Komitee verklaar voorts dat die Suid-Afrikaanse Spoorweë en die hoteleienaars ook net soos die onderwys, 'n nasionale diens verrig. Hierdie vraagstuk sal nie uitsluitend uit 'n ekonomiese standpunt benader word nie.

## c. GEVOLGTREKKINGS GESIEN IN DIE LIG VAN DIE OPDRAG

Die algemene en besondere aanbevelings van die Komitee word in volgende afdelings d en e bespreek. (bl.97-98)

### i. Algemene opdrag

Die gevolgtrekkings en bevindings van die Komitee kan kortliks soos volg saamgestel word.[13)]

Die Komitee is oortuig van „die wenslikheid en uitvoerbaarheid" van veranderinge in die vakansietydperke wat op daardie stadium van toepassing was op die belangriker seksies van die blanke bevolking van die Unie. Hy is ook van mening dat „'n ewerediger verspreiding van die vakansies dwarsdeur die jaar" vertolk moet word as „'n doelmatige verspreiding van die grootste groepe vakansiegangers gedurende die belangrikste vakansieseisoene."

Statistiese gegewens het ook verder aan die lig gebring dat Transvaal ongeveer die helfte van die blanke skoolbevolking van die Republiek bevat. Gevolglik is daar ook 'n aanduiding dat Transvalers meer gebruik maak van geriewe by die kusvakansieoorde, veral gedurende die spitstye van die vakansieseisoene. Vir vakansiedoeleindes moet Transvaal dus geskei wees van die ander provinsies.

Halvering van die kalenderjaar tussen Junie en Julie behoort nie baie probleme mee te bring nie maar die skeiding Desember/Januarie is lastiger vanweë faktore soos klimaat, bedryf (oestye, bouvak en industriële vakansietye van werknemers) en die talle openbare vakansiedae.

13. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., Bylae 22 en 24.

„Hierdie moeilikhede is egter nie onoorkombaar nie, mits daar die goeie wil tot samewerking bestaan en bereidvaardigheid is tot geringe opofferings in die algmene belang" aldus die Komitee.

Die kort vakansies kan ook benut word om talle vakansiegangers van die spitstye af weg te lok. Gedurende die tye behoort hulle dan makliker huisvesting by kusvakansieoorde teen verminderde tariewe te bekom. Om dit moontlik te maak, verdien dit oorweging om selfs ook geldelike steun beskikbaar te stel vir die ontwikkeling van binnelandse plekke en kleiner strandoorde. Potensiële vakansiegangers wat naby die kus woonagtig is, behoort ook aangemoedig en oorreed te word om meer gebruik van die korter vakansietydperke te maak. Verder kan dit ook bevorder word indien meer instansies die beleid van die staat wil volg om slegs by uitsondering verlof gedurende spits vakansietye toe te staan aan werknemers wat nie skoolgaande kinders het nie.

ii. Sake vir spesiale aandag in terme van opdrag

Die gevolgtrekkings en bevindings van die Komitee t.o.v. sekere aspekte wat spesiale aandag moes geniet, kan soos volg saamgevat word.[14)]

Punte (a) en (b) (in terme van opdrag bl. 94)

Dit behels 'n mening oor die „seisoentye" en die uitwerking daarvan „op die akkommodasie- en vervoergeriewe" van die huidige provinsiale skoolvakansiepatroon sowel as op die „geriewe wat aan besoekers van buite die Unie beskikbaar is". Die Komitee is van mening dat die vervoerpotensiaal totaal ooreis word en dat die huisvesting ook ontoereikend gedurende die spitstye is. Hierna volg daar dan weer tye van verslapping wat onekonomies is vir die betrokke instansies. Hierdie sg. „slaptye" moet dan noodwendig veral die hotelverenigings se lede nadelig affekteer. Daar is selfs sprake van 'n tariefkonsessie wat deur die hotelverenigings oorweeg sal kan word indien skeiding, verdeling en verspreiding van die vakansietydperke werklikheid word.

Punt (c) (bl. 94)

Die Komitee verklaar dat daar volgens die beskik-

---

14. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., 25 en 29.

bare gegewens wel aanvaar moet word dat die plaaslike toeristebedryf 'n drukker verkeer gedurende vakansietye geniet. 'n Verspreiding van die vakansiegangers moet noodwendig die spitsbesettingstye verlig en die plaaslike toeristebedryf gevolglik ten goede kom.

Punt (d) (bl. 94)

Hier moes die Komitee probeer vasstel wat „die uitwerking van die feitlik gelyktydige sluiting van skole vir vakansiedoeleindes in die handel en nywerhede op die hotelbedryf en vervoergeriewe" is. Die meeste bedrywe sluit ook min of meer tydens die aanvang van die somervakansie. Verlenging van die vakansie sal meebring dat daar 'n beter verspreiding van vakansiegangers sal wees. Bedrywe behoort dan hulle sluitingsdatums te laat aanpas by die gewysigde vakansiepatroon. Sommige vakunieverenigings was selfs te vinde vir so 'n patroon. Verligting sal ook in die situasie gebring word indien die bywet verpligte jaarlikse vakansietye van jeugdige werknemers na die verloop van 'n diensjaar, ook vir 'n paar maande langer uitgebrei kan word. Die Departement van Arbeid, die werkgewer en werknemer, sal ook heelwat tyd bespaar en potensiële vakansiegangers sal ook versprei word. Op daardie stadium, so meld die verslag verder, „het die Regering reeds 'n wetsontwerp gepubliseer ter wysiging van die Fabrieke-, masjinerie- en boubedryfwet wat o.a. voorstel om die verlenging van twee maande tot vier en desnoods tot ses maande uit te brei." So 'n reëling behoort dus gunstige uitwerking te hê en jeugdige werknemers kan gaan vakansie hou tydens tye wanneer die seisoentariewe laag is.

Punt (e) (bl. 94)

Die uitbetaling van bonusse aan staats- en provinsialeamptenare bring mee dat die meeste gedurende die daaropvolgende somervakansie met verlof sal gaan. Die Komitee is van mening dat die Staatsdiens die huidige reëling van uitbetaling van vakansie-bonusse aan staatsamptenare in heroorweging behoort te neem.

d. ALGEMENE AANBEVELINGS 15)

„Sommige van die Komitee se aanbevelings is van 'n algemene aard en strekking, terwyl sommige weer van 'n

---

15. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., 30-32.

besondere draagwydte is. Sommige van die aanbevelings is fundamenteel ten opsigte van die voorgestelde nuwe vakansiereëling en ander is aanpasbaar en wysigbaar."[16]

1. Vakansiegangers moet versprei word - dus die fundamentele beginsel van „verspreiding van reisigers". Sodoende sal die Spoorweë vir 'n langer tyd van die jaar bedrywig wees, terwyl huisvestingsgeleenthede langer tydperke van volle besetting sal hê. Vakansiegangers sal makliker en moontlik goedkoper meer tye in die jaar, huisvesting kan bekom.
2. As gevolg van die groot aantal leerlinge in die Transvaalse skole sal dit wenslik wees om Transvaal vir vakansiedoeleindes van die ander provinsies te skei.
3. So sal Natal bv. ook voorlopig buite rekening gelaat word, terwyl die Oranje-Vrystaat en Kaapland as 'n eenheid in die voorgestelde reëling beskou word.
4. Daar moet t.o.v. die verskillende provinsies soos in 2 en 3 genoem so 'n groot tydskeiding as moontlik tussen die spitstye van hulle somer- en wintervakansies gemaak word.
5. Die langer vakansies moet ook minstens 'n volle maand duur. Sodoende sal voornemende vakansiegangers makliker gemeubileerde huise of woonstelle kan bekom. As gevolg van ekonomiese omstandighede bly talle families slegs vir twee weke by die kus sodat ander vakansiegangers dan weer die huisvesting kan huur vir die verdere twee weke en op die wyse 'n beter verspreiding van vakansiegangers bewerkstellig.
6. Elke vakansiemiddelpunt behoort 'n eie sentrale inligtingskantoor te besit om huisvestingsaangeleenthede te korreleer en te kontroleer.
7. Die betrokke provinsiale en uniale owerheidsinstansies behoort samesprekings te voer teneinde 'n blywende en bevredigende grondslag vir blywende samewerking te vind.
8. Die Komitee beveel aan dat die voorgestelde vakansiereëling reeds in 1961 in werking gestel word en om sake te vergemaklik word 'n aantal alternatiewe skemas opgestel om as basis vir die betrokke provinsies te dien.

e. <u>BESONDERE AANBEVELINGS</u>

Die Komitee doen dan verder ook aan die hand dat die raamwerk van vakansiereëlings wat opgestel is ooreenkomstig die algemene beginsels in voorafgaande paragraaf vier bevat deur die roosterkomitees van die Onderwysdepartement gebruik kan word. Transvaal moet van die ander provinsies geskei word, terwyl Kaapland en Oranje Vrystaat se roosters dieselfde behoort te wees.

Die Komitee het in sy aanbevelings vir Natal voorlopig buite die voorgestelde reëling gelaat. Die volgende is as redes aangevoer:

---

16. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., 29.

> „Die bevolking woon in 'n betreklik beperkte gebied tussen die Drakensberge en die seekus, met die grootste konsentrasie langs die kus en klimaatstoestande wat van dié van die ander provinsies verskil.. In die winter verkies die bevolking luidens die getuienis van hulle verteenwoordeigers, die seekus en in die somer die bergewêreld. Afgesien van genoemde oorwegings het Natal 'n min of meer tradisionele vakansieskema waarvoor lank gepleit is, wat eers onlangs van owerheidsweë aanvaar is en wat blykbaar nog nie op 'n alte ernstige wyse sal bots met die reëlings wat die Komitee vir die ander provinsies voorstel nie." 17)

In die verslag word dan vir die genoemde provinsies die volgende skemas voorgestel:

Skema I : 'n Vierkwartaaljaar
Skema II : 'n Drie-termynjaar
Skema III : 'n Vierkwartaaljaar met skool op Saterdae
Skema IV : 'n Drie-termynjaar met skool op Saterdae

In al die gevalle is die voor- en nadele en die implikasies van die verskillende skemas breedvoerig bespreek en aangedui. In die verslag word die volgende gemeld:

> „Die Komitee het op 14 Januarie 1960 'n gesamentlike byeenkoms in Kaapstad met die Administrateurs en die betrokke onderwysowerhede, asook met die Sekretaris van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap en een van sy adviseurs gehad.
>
> Na breedvoerige bespreking van die Komitee se voorstelle het die verteenwoordigers van Transvaal te kenne gegee dat hulle bereid is om die Komitee se Skema II te aanvaar en dit van 1961 af toe te pas. Die verteenwoordigers van die drie ander provinsies het hulle voorkeur uitgespreek vir Skema I met geringe onderlinge verskille.
>
> Die aanvaarding was in al die gevalle van 'n voorlopige aard en moet, na die nodige raadpleging, later skriftelik bevestig word. Sedertdien het die Transvaal skriftelik meegedeel dat Skema I vir daardie Provinsie aanvaar is." 18)

Die voorgestelde skemas soos hierbo genoem, uitgesonderd Skema II, word vervolgens bespreek. 'n Aantal voorgestelde roosters vir Transvaal vir die jare 1962 tot 1963 vir Skemas I - IV word as bylaag 2 ingevoeg.

„SKEMA I : 'N VIERKWARTAALJAAR 19)

TRANSVAAL

| | |
|---|---|
| Eerste Kwartaal: | End Januarie/begin Februarie tot ongeveer middel April, d.w.s. ± 50 skooldae. |
| Vakansie: | Min of meer 10 dae. |

---

17. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., 36.
18. Ibid., 44.
19. Ibid., 32-34.

| | |
|---|---|
| <u>Tweede Kwartaal:</u> | Laaste week in April tot einde Junie, d.w.s. ± 47 skooldae. |
| Vakansie: | Min of meer vier weke. |
| <u>Derde Kwartaal:</u> | End Julie/begin Augustus tot vroeg Oktober, d.w.s. ± 48 skooldae. |
| Vakansie: | Min of meer 10 dae. |
| <u>Vierde Kwartaal:</u> | Middel Oktober tot kort voor Kersdag, d.w.s. ± 49 skooldae. |
| Vakansie: | Plus-minus vyf tot ses weke. |

Totale aantal skooldae: Plus-minus 194 dae.
Totale aantal vakansiedae: Plus-minus 90 dae.

<u>KAAPLAND EN O.V.S.</u>

| | |
|---|---|
| <u>Eerste Kwartaal:</u> | Vroeg Januarie tot middel Maart, d.w.s. ± 50 skooldae. |
| Vakansie: | Min of meer 10 dae. |
| <u>Tweede Kwartaal:</u> | End Maart tot end Mei/begin Junie, d.w.s. ± 44 skooldae. |
| Vakansie: | Ongeveer vier weke. |
| <u>Derde Kwartaal:</u> | End Junie/begin Julie tot ongeveer middel September, d.w.s. ± 53 skooldae. |
| Vakansie: | Min of meer 10 dae. |
| <u>Vierde Kwartaal:</u> | End September tot end November/begin Desember, d.w.s. ± 48 skooldae. |
| Vakansie: | Plus-minus vyf tot ses weke. |

Totale aantal skooldae: Plus-minus 195.
Totale aantal vakansiedae: Plus-minus 90.

Voordele:

1. Hierdie skema behou die tradisionele vakansiepatroon van kwartale.
2. Dit skei die potensiële vakansiegangers in twee groot makliker hanteerbare groepe.
3. Dit verleng veral die Somervakansie en maak gevolglik 'n verdere onderverdeling van die besoekers uit die gebiede Transvaal, Kaapland en O.V.S. moontlik (sien 9 i.e.)
4. Dit is uitvoerbaar sonder onttrekking van tye aan seisoene wat geskikter vir onderwyswerk is.
5. Dit stel 'n persentasie van alle somervakansiegroepe in staat om desverkiesend die Kersdae tuis deur te bring en nog genoeg tyd vir 'n redelike vakansie elders oor te hou.
6. As 'n bykomstige oorweging dien vermeld te word dat persone eie huise en woonstelle makliker vir 'n hele maand kan verhuur (sien par. 9 i.e.). Dit geld ook t.o.v. lokale (huise, woonstelle, ens.) te huur by die vakansieoorde self.

---

Nadele:

1. Daar is 'n kort onvermydelike tydperk van oorvleueling van die somervakansiedae van voor Kersdag tot na Nuwejaarsdag, maar miskien weeg die moontlikhede van 'n Kersgety tuis en van verdere onderverdeling van die vakansiegroepe gedurende hierdie spitstyd daarteen op.
2. Die Provinsiale Onderwysdepartemente het afsonderlike skooleindeksamens wat by die voorgestelde vakansiereëlings aangepas kan word en nie nadelig daardeur geraak hoef te word nie. Waar dit nie die geval is nie, soos bv. die Nasionale Eksamens van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap wat op 'n uniale grondslag berus, word aandag daaraan in die aanhegsel hierby gegee."

Paragraaf 9i.e. soos op bl.100 vermeld, verwys natuurlik na die strewe van die Komitee om langer vakansies, indien moontlik, 'n volle maand te laat duur.

f. REAKSIE VAN DIE PROVINSIES OP DIE KOMITEE SE AANBEVELINGS VAN DIE SKOOLROOSTERS VIR 1961-1962

Soos reeds gesien, het die Administrateurs en die betrokke onderwysowerhede asook die Sekretaris van die Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap op 14 Januarie 1960 samesprekings gevoer met die Komitee in Kaapstad. Die reaksie van die Provinsies was goed en daar is dadelik oorgegaan tot die opstel van skoolkalenders vir 1961 in ooreenstemming met die aanbevelings van die Komitee. Vervolgens word die skoolkalenders van die provinsies vir 1961-1962 bespreek, behalwe die van Transvaal wat verderaan breedvoeriger in paragraaf 4 afsonderlik behandel word.

i. Die Oranje-Vrystaat

Die Onderwysdepartement van die O.V.S. het gunstig gereageer op die aanbeveling van die Komitee en die volgende skoolrooster vir 1961 ingestel:

TABEL 19

"SKOOLKALENDER - O.V.S. 1961

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| Heropen<br>Sluit | 11/1/61<br>23/3/61 | 4/4/61<br>8/6/61 | 5/7/61<br>14/9/61 | 26/9/61<br>4/12/61 |
| Skooldae | 52 | 45 | 50 | 49 |

Opmerkings:

1. Die amptelike sluiting van die skool is op 4 Desember en onderwysers bly aan diens tot op daardie datum, maar alle leerlinge word toegelaat om op 30 November met vakansie te vertrek.
2. Vrydag, 12 Mei, word as 'n vakansiedag toegestaan ten-einde 'n lang naweek vir die skole te skep.
3. In 1962 heropen die skole op Woensdag, 10 Januarie." [20]

Reeds aan die begin was daar heelwat bedenkings teen die veranderde skoolkalender, maar gaandeweg het dit na verneem word ter sprake gekom op o.a. vergaderings van verskillende liggame soos Boerelandbou-Unie, Vroue Federasie, Sinode van N.G. Kerk ens. Sterk vertoë is gevolglik tot die Onderwysowerheid in die Vrystaat gerig om die skoolrooster weer te verander. Samesprekings tussen die Administrateurs van die vier provinsies het gevolg en die volgende berig het in die pers verskyn:

„Die Administrateurs van Kaapland, Transvaal, die Vrystaat en Natal het op hul konferensie wat gister in Kaapstad ten einde geloop het, geen besliste besluit geneem oor die veranderde skoolvakansierooster nie. 'n Verklaring wat gistermiddag uitgereik is, lui:

> Die kwessie van die skoolkalender het ter sprake gekom, en daar is ooreengestem dat dit enige provinsie wat moeilikhede ondervind met die huidige reëling, vrystaan om verder met die betrokke owerheidsinstansies te onderhandel ten einde 'n oplossing te vind. Wat Kaapland betref, word dit verwag dat die saak in Mei in die Provinsiale Raad bespreek sal word.
>
> Na verneem word, is aanbeveel dat elke provinsie ‚sy eie heil soek' en vertoë tot die Minister van Vervoer gerig word." [21]

Die onderwysowerhede het gevolglik besluit om die skoolkalender vir 1962 te wysig want die volgende kalender is vir genoemde jaar ingestel:

TABEL 20

„SKOOLKALENDER - O.V.S. 1962

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| Heropen | 17/1/62 | 25/4/62 | 1/8/62 | 3/10/62 |
| Sluit | 5/4/62 | 5/7/62 | 26/9/62 | 14/12/62 |
| Skooldae | 57 | 50 | 40 | 52 |

20. O.V.S. Onderwysdepartement: Skoolkalender vir 1961, E.106.
21. Die Transvaler, 15 April 1961.

Opmerkings:

1. Die amptelike sluiting van die skool is op 14 Desember en onderwysers bly aan diens tot op daardie datum, maar alle leerlinge word toegelaat om op 12 Desember met vakansie te vertrek.
2. Op die Skoolkalender vir 1961 word 10 Janaurie as die openingsdatum vir 1962 aangegee. Dit verval nou en word deur 17 Januarie vervang." 22)

ii. Kaapland

Die Komitee het in sy aanbevelings ook melding gemaak van die feit dat daar 'n tydskeiding so groot moontlik tussen die spitstye van die provinsies se somer- en wintervakansies gemaak moet word. Die gebruik wat reeds in Kaapland bestaan, word sterk aangeraai:

„In Kaapland bestaan daar volgens inligting deur die Komitee ingewin, 'n gebruik om skole op aanbeveling van die betrokke Inspekteur van departementsweë toe te laat om 'n week van 'n lang vakansie af te trek en aan 'n ander toe te voeg. Dit bied die geleentheid om rekening te hou met klimaatstoestande en bedrywighede in verskillende gebiede en/of op bepaalde sentrums en gee 'n gewenste mate van rekbaarheid aan die vakansiereëlings. Hierdie moontlikheid word deur die Komitee vir ernstige oorweging in die hele Unie aanbeveel."[23]

Die voorgestelde gewysigde skoolkalender vir Kaapland het onmiddellik ongunstige reaksie ontlok soos die volgende persberig getuig:

> „Kaapstad - Die aanbevelings dat skoolvakansies verder uiteen versprei moet word, is in 'n gesamentlike verklaring deur die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie en die „South African Teachers' Association" verwerp.
>
> Volgens die gesamentlike verklaring is die aanbevelings geensins oor enige opvoedkundige oorwegings gemaak nie.
>
> ‚Om die skole vroeg in Desember te sluit en weer vroeg in Januarie te heropen het ernstige nadele. Die kinders sal dan op die skoolbanke moet sit as die somerhitte op die kwaaiste is' aldus die verklaring.
>
> Indien die skole vroeg in Desember sluit, sal die eksamen vroeg in November moet begin. Dit sal meebring dat die laaste kwartaal nutteloos vir verdere onderwys sal wees. Ouers wat wens om vir 'n volle maand iewers heen te gaan, sal nou in 'n moeiliker posisie as ooit tevore wees." (SAPA.) 24)

---

22. O.V.S. Onderwysdepartement. Skoolkalender 1962. E.106.
23. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., 35.
24. Persberig: Die Transvaler, 18 Junie 1960.

Die Onderwysowerhede van Kaapland het egter voortgegaan en die finale rooster vir 1961 soos volg opgestel en ingestel:

TABEL 21

SKOOLKALENDER - KAAPLAND 1961 25)

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| Heropen | 18/1/61 | 10/4/61 | 3/7/61 | 2/10/61 |
| Sluit | 29/3/61 | 9/6/61 | 22/9/61 | 1/12/61 |

Die S.A.O.U. en die S.A.T.A. het in die afgelope jaar voortdurende sterk vertoë gerig tot die Onderwysdepartement en die Administrasie insake die onbevredigende skoolkalender soos ingestel vir 1961.

„Proteste teen die huidige skoolkalender het ons Administrateur bereik van verskeie liggame uit alle dele van die Kaapprovinsie. Op grond hiervan het die Kaaplandse Provinsiale Raad eenparig besluit om terug te keer na die ou skoolkalender. Die Administrasie het hierdie besluit aan die Minister van Vervoer bekend gemaak en die Uitvoerende Komitee van Kaapland het besluit dat die skoolkalender vir Kaapland vir 1962 soos volg sal wees:

TABEL 22

SKOOLKALENDER - KAAPLAND 1962 26)

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| Heropen | 22/1/62 | 9/4/62 | 16/7/62 | 11/10/62 |
| Sluit | 30/3/62 | 22/6/62 | 28/9/62 | 12/12/62" |

Uit voorafgaande is dit dus duidelik dat die Kaaplandse onderwysowerhede as gevolg van ontevredenheid en voortdurende vertoë besluit het om weer terug te keer na die ou tradisionele skoolkalender kenmerkend van die afgelope aantal jare.

iii. Natal

Die provinsie Natal is voorlopig deur die Komitee op grond van sy geografiese ligging buite rekening gelaat. Ook is daar in die provinsie 'n vakansieskema in

25. Afskrif ontvang van rooster van Dept. van Onderwys, Kaapstad.
26. Brief van Sekretaris, S.A. Onderwysunie, 30 Junie 1961.

gebruik waarvoor reeds lank vertoë tot die onderwysowerhede gerig is.

Die skoolkalenders vir die jare 1961 en 1962 vir Natal is soos volg:

TABEL 23

SKOOLKALENDERS - NATAL 1961-1962 27)

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| 1961: | | | | |
| Heropen | 31/1/61 | 10/4/61 | 25/7/61 | 11/10/61 |
| Sluit | 29/3/61 | 30/6/61 | 29/9/61 | 8/12/61 |
| 1962: | | | | |
| Heropen | 30/1/62 | 25/4/62 | 23/7/62 | 8/10/62 |
| Sluit | 13/4/62 | 29/6/62 | 28/9/62 | 7/12/62 |

Die skoolkalender in Natal toon min verskille in die jare 1961 en 1962 behalwe in die geval van die sluitings- en begindatums van die eerste en tweede kwartale respektieflik. Vir 1962 is die eerste kwartaal ongeveer twee weke langer en die tweede kwartaal gevolglik weer twee weke korter as wat die geval in die vorige jaar was.

g. OPSOMMING

Die Komitee is benoem in Oktober 1958 en alhoewel die werk vertraag is deur onvermydelike omstandighede, is die verslag in Februarie 1960 gepubliseer. Die Komitee het sy taak met erns benader en in 'n betreklike kort tyd tot hulle beskikking 'n magdom en groot verskeidenheid van gegewens ingesamel waarop hulle bevindinge en aanbevelings gebaseer is.

Omdat die saak van vakansiereëling in die verlede reeds ondersoek en bespreek is deur liggame wat regstreeks belang daarby gehad het, is daar agterdog ontwikkel teenoor die onafhanklike Komitee wat eintlik beoog het om 'n diens te lewer aan alle belanghebbende seksies van ons land t.o.v. die netelige vraagstuk van vakansiereëlings. Daar is beskuldigings gemaak dat die Komitee slegs die ekonomiese belange van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en hoteleienaars behartig - 'n beskuldiging wat na my beskeie

27. Afskrif ontvang vanaf Natalse Onderwys Dept., 23 Junie 1961.

mening nie geregverdig is nie.

Hierdie aangeleentheid is ingewikkeld met baie fasette soos ekonomiese, opvoedkundige, sosiale en provinsiale belange wat alles in berekening gebring moes word. Die Komitee het in hierdie opsig daarin geslaag om al die aspekte en selfs ook die botsende fasette daarvan, saam te snoer in 'n verslag wat nie provinsialisties is nie maar wel van nasionale belang beskou moet word. Dit is nog te meer van belang omdat dit die eerste landswye opname en bevindings in die opsig weerspieël.

Om 'n bevolking, wat uit die aard van die saak provinsialisties ingestel is, in alle opsigte tevrede te stel, is 'n uiters moeilike taak. Billikheidshalwe kon die nuwe skoolvakansiereëlings in al die provinsies moontlik langer in die praktyk uitgetoets gewees het. Baie tradisievaste persone sou moontlik dan mettertyd meer waardes daarin ontdek het.

## 4. DIE TRANSVAALSE SKOOLKALENDER 1961 - 1962

In die verslag van die Komitee is as gevolg van statistiese gegewens verklaar dat „Transvaal ongeveer die helfte van die Unie se blanke skoolbevolking bevat en ondanks betreklik grootskaalse verskuiwings van bevolkingsgroepe uit hierdie provinsie na die Vrystaatse goudvelde, hierdie verhouding sal handhaaf en mettertyd moontlik die res van die Unie in getalsterkte sal verbysteek."[28)]

In die gesamentlike byeenkoms van die Administrateurs en onderwysowerhede te Kaapstad het Transvaal besluit om saam te werk en hulle skoolkalender op te stel in ooreenstemming met die voorgestelde kalender van die Komitee.

TABEL 24

„SKOOLKALENDER - TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT 1961

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| Heropen<br>Sluit | 30/1/61<br>30/3/61 | 18/4/61<br>30/6/61 | 25/7/61<br>22/9/61 | 3/10/61<br>22/12/61 |
| Skooldae | 44 | 52 | 43 | 58 |

28. Verslag van die Komitee van Ondersoek, a.w., 22.

Totale getal skooldae : 197.
Leerlinge besoek skool slegs vanaf 1 Februarie en verlaat skool op 20 Desember - dus 193 skooldae vir leerlinge." 29)

a. BESWARE TEEN DIE SKOOLKALENDER VAN 1961

Vir etlike jare reeds is daar gepraat en geskryf dat die konvensionele skoolvakansies verander moet word. Eindelik is dit toe ook in die pers aangekondig dat die nuwe skoolkalender sal meebring dat die vakansiedrukte vir 1961 aansienlik verminder sal word omdat: „Transvaal se Julie-vakansie nog 'n Julie-vakansie sal bly, maar die Vrystaat s'n sal hoofsaaklik in Junie wees en die Kaap s'n ook. Transvaal se somervakansie sal hoofsaaklik in Januarie wees, terwyl die Vrystaters s'n al aan die einde van November en die Kapenaars s'n begin Desember sal begin."30) In dieselfde persberig is ook verklaar dat die wysigings op 'n verslag volg wat 'n komitee van ondersoek in die Parlement ter tafel gelê het. Daar word ook gemeld dat die Spoorweë onderhandelings met die onderwysowerhede sou gevoer het, teneinde die vakansies meer te versprei. Afgesien van die verligting van die vakansiedruk op vervoer- en verblyfgeriewe, word daar ook gemeen dat selfs die padongeluksyfer deur die verandering verminder sou word.

In sommige van die ander provinsies, maar veral ook in Transvaal, is daar beswaar gemaak en is daar talle nadele en tekortkomings in die nuwe reëling opgemerk. Aangesien die besware verderaan breedvoerig bespreek word, veral nadat die nuwe kalenders in gebruik geneem is, wil ons slegs 'n paar besware noem wat reeds geopper is kort na die bekendmaking van die nuwe skoolkalender.

Die lang somervakansie tussen die sluitingsdatum van skole op 14 Desember 1960 en die begindatum 1 Februarie 1961, is ook as uiters ongewens en te lank beskou. Daar is beweer: „Daar is 'n te lang periode van leeglê wat nutteloos weg gegooi word."

Besoeke aan vriende in ander provinsies kon in die verlede slegs gedurende vakansies deur die hele huisgesin onderneem word. Met die nuwe skoolvakansiereëling sal daar 'n proses van vervreemding ontstaan tussen mense wat in die noorde en suide van ons land woon. Op die wyse word

29. Transvaalse Onderwysdepartement, Skoolkalender vir 1961.
30. Persberig: Die Transvaler, Vrydag 13 Junie 1960.

die vriendskapsbande verbreek en menslike verhoudings versteur en dit hoofsaaklik omdat „die Spoorweë kla oor die passasiers wat hulle moet hanteer en die hotelbase 'n dubbele seisoen wil hê."[31]

Aparte vakansies vir verskillende provinsies kan ook maklik tot die ontstaan van provinsialisme lei, veral omdat daar nog steeds 'n provinsiale insulariteit bestaan wat op baie gebiede uitslaan. Die kind mag dan ook maklik aanneem dat sy provinsie „anders" is as die ander en soiets is in die jaar van die Uniefees nie bevorderlik vir die eenheidsgevoel nie.

'n Briefskrywer van Belfast[32] maak beswaar teen die lang vierde kwartaal en spreek die mening uit dat die Departement onderwysers forseer om die eindeksamenvraestelle op die openbare vakansiedae na te sien. Daar word ook beswaar gemaak teen die sluitingsdatum in Desember op grond daarvan dat dit nie inpas by die vakansiereëlings van werkende ouers soos bouwerkers nie. Daar word dan ten besluite aan die hand gedoen dat „skole liefs vroeg in Desember moet sluit en vroeg in Januarie moet begin - die kwartale net andersom in te deel sodat die langste in die eerste helfte van die jaar val en die ouerspubliek ook sodoende in aanmerking geneem word."

'n Ander briefskrywer[33] beweer dat die Aprilvakansie te lank en die wintervakansie weer te kort is. Huise aan kusoorde moet vir 'n hele maand bespreek word terwyl dit slegs vir 'n maksimum tydperk van drie weke gebruik word. „Al wat hieroor handeklap is hotelbase en huiseienaars in kusstede en vakansieoorde." Verder word ook gevra dat mense in die boubedryf sowel as onderwysers ook in aanmerking geneem moet word. Die laat sluiting in Desember sal dit ook moeilik maak vir gesinne om gedurende Kersfees bymekaar te wees omdat die skole se sluiting ook gedurende die tyd is en plekbesprekings op treine dus moeiliker sal wees. Ten slotte word gevra: „Sal dit help om 'n beroep op die owerheid te doen om die <u>hele</u> maand Julie of Junie vakansie te gee en die <u>hele</u> maand Desember en die twee kort vakansietjies nog korter te maak of één in plaas van twee te gee?"

Die Kafferskraalse Geloftedag-vierings strek

---

31. Persberig: Christa Steyn skryf oor nuwe skoolvakansies.
32. Persberig: Die Transvaler, 19 September 1960.
33. Ibid., 24 September 1960.

jaarliks vanaf 14 tot 16 Desember. Jaarliks word daar laer getrek en baie families kamp dan vir ongeveer 'n week lank uit op die goedingerigte terrein. Die volgende verskyn op die program vir 1960: „As die skole aanstaande jaar op 23 Desember sluit, sal dit die voortbestaan van ons fees soos dit tans is, bedreig."[34)]

Ten spyte van weerstand en soms selfs van teenstrydige reaksies by die publiek en verskillende liggame teen die skoolkalender van 1961, is dit in gebruik geneem en stilswyend aanvaar in provinsiale skole in Transvaal. Vroeg in 1961 is die skoolkalender vir 1962 ook soos volg aangekomdig:

TABEL 25

SKOOLKALENDER - TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT 1962

| | 1e Kw. | 2e Kw. | 3e Kw. | 4e Kw. |
|---|---|---|---|---|
| Heropen | 29/1/62 | 24/4/62 | 24/7/62 | 9/10/62 |
| Sluit | 5/4/62 | 29/6/62 | 28/9/62 | 21/12/62 |
| Skooldae | 49 | 46 | 48 | 52 |

Totale getal skooldae : 195
Leerlinge besoek skool slegs vanaf 30 Januarie en verlaat skool op 19 Desember - dus 192 skooldae vir leerlinge. 35)

b. MEMORANDUM VAN DIE T.O. AAN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT VOORGELÊ OP 13 MAART 1961

Aan die begin van 1961 het dit bekend geword dat die Transvaalse Onderwysdepartement besluit het om die skoolkalender vir 1962 min of meer met die van 1961 te laat ooreenstem. Die Transvaalse Onderwysersvereniging het hierop sy memorandum opgestel wat op 13 Maart 1961 aan die Departement voorgelê is. In die memorandum word daar melding gemaak van die verskille tussen die bestaande kalender met die ou tradisionele kalender soos bv. die volgende:[36)]

1. Die verlenging van die April-vakansie van 10 tot 17 dae.
2. Die verkorting van die wintervakansie van 30 na 24 dae.
3. Die sluiting van skole kort voor Kersfees instede van kort voor Geloftedag.

---

34. Kafferskraalse Dingaansfeesprogram, 1960. Heidelberg Tvl.
35. Transvaalse Onderwysdepartement, Skoolkalender vir 1962, T.O.A. 13-1-1.
36. Die Onderwysblad, 1 Mei 1961, Nr. 739, 59.

i. Besware van die T.O.

Die T.O. teken beswaar aan teen die veranderinge. Die prinsipiële stelling word gemaak dat die afwyking vanaf die tradisionele skoolkalender slegs is om die belange van die hotelwese en ook die van die Spoorweë te bevorder. Sodoende word die onderwys en opvoeding ondergeskik gestel aan die belange van partikuliere ondernemings. Iets wat nie geduld behoort te word nie aangesien die ontwikkeling van die jeug en sy welvaart, voorrang behoort te geniet.

Die verlenging van die April-vakansie beteken die verkorting van die tweede kwartaal wat die kosbaarste tyd is vir studie. Hierdie vakansie is 'n ideale tydperk vir vakansie maar dit is ook ideaal vir studiedoeleindes.

Deur die verkorting van die wintervakansie met 'n week beteken dit dat kinders op die hoëveld gedurende die koudste maand van die jaar reeds al weer op skool moet wees. Die busvervoer stel kinders bloot aan kwaai koue terwyl die klaskamers in die meeste skole ook nie doeltreffend verhit kan word nie. Daar word ook verder daarop gewys dat die instelling van 'n gedifferensieerde kalender dan ook weer liewers oorweeg kan word alhoewel min skole tog voorheen van so 'n vergunning gebruik gemaak het.

Prinsipieel kan daar niks aangevoer word teen die laat sluiting van skole in Desember nie. 'n Sterk argument egter daarteen is die botsing met die vakansietye van ongeveer 70% van die skoolouers wat verbonde is aan fabrieke en die boubedryf. Dit is moontlik dat die nuwe reëling 'n onaangename verhouding kan skep tussen die ouers en die skool want baie ouers het hulle voorneme te kenne gegee om hulle kinders eenvoudig uit die skool te hou sodra hulle vakansie begin. Daar word nog verder 'n paar praktiese moeilikhede aangehaal soos o.a. dat die laat sluiting en die gevolglike warm weer nie bevorderlik is vir die skryf van eksamens nie. Na Geloftedag word die stemming versteur, veral as die kind dan nog eksamens moet skryf. Deurdat eksamens laat geskryf word, sal eksaminatore verplig word om gedurende Kerstyd en Nuwejaarsdag vraestelle na te sien. Derhalwe sal die matriekuitslae ook laat verskyn, terwyl dit wenslik is dat dit reeds vroeg in Januarie bekend gemaak moet word.

Verder word aangevoer dat die verspreiding van die skoolvakansies in die verskillende provinsies nie bevorderlik is vir die eenheidsgedagte in die Onderwys nie omdat geen gesamentlike uniale volkskongres, vir die onderwysers, soos reeds in vooruitsig gestel, gehou sal kan word nie. Deur die gedifferensieerde skoolvakansies word die sosiale verkeer tussen familie en vriende in die verskillende provinsies aan bande gelê en ly die families weens gebrek aan maatskaplike saamhorigheid, baie skade.

Ten slotte verklaar die T.O. in die memorandum dat daar 'n vermoede bestaan dat die skoolkalenders van die verskillende provinsies in rotasie op die ander provinsies van toepassing gemaak sal word. In die Transvaal sal die kalender van die O.V.S. of Kaapland met 'n vakansie vanaf begin Junie tot begin Julie, gladnie kan pas nie. Om skool te hou in Julie op die Transvaalse hoëveld, is iets ondenkbaar. In hierdie moontlike omruiling van kalenders sien die T.O. 'n „giftige angel in die stert. Maak ons eers toegewings aan een nywerheidsgroep soos die hotelwese, kan ons nie voorsien na watter uiterstes ander nywerheidsgroepe wat ook by die skoolkalender belang het, ons sal dwing nie."[37]

ii. Antwoorde van die Departement op 23 Maart 1961

Op die beleefde en eerbiedige versoek van die T.O. dat die Departement moet afsien van die gewysigde skoolkalender en moet terugkeer na die ou tradisionele kalender, antwoord die Onderwysdepartement soos volg:[38]
„Ek verwys na u skrywe van 13 Maart 1961 met bylae en moet u meedeel dat die skoolkalender vir 1962 opgestel is na 'n samespreking met verteenwoordigers van die Onderwysersverenigings, waartydens dit besluit is dat die kalender vir 1962 ten gevolge van 'n beslissing van die Administrasie dieselfde patroon moet volg soos die vir 1961."

Verder word ook daarop gewys dat die kalender vir 1961 opgestel is na die samespreking wat plaasgevind het tussen die Administrateurs van die Provinsies en die Minister van Vervoer ten gevolge van die verslag wat uitgebring is deur die Parlementêre komitee oor die aangeleentheid. Die Departement kan dus tot sy spyt nie veranderings aanbring nie en wys daarop dat die kwessie van

37. Die Onderwysblad, 1 Mei 1961, 62.
38. Idem.

skoolvakansies weer die aandag van die Administrateurs op hulle vergadering in April 1961, sal geniet.

c. <u>VRAELYS VAN DIE T.O. AAN TRANSVAALSE SKOLE, 12 MEI 1961</u>

Op 12 Mei 1961 het die T.O. 'n vraelys (bylaag 3) aan alle Afrikaanse- en parallelmediumskole gestuur. Die reaksie was teleurstellend en slegs 411 skole het die vraelys beantwoord. Hierdie skole verteenwoordig 150,386 leerlinge en 5,572 onderwysers en is versprei oor die hele Transvaal. Die T.O. het goedgunstiglik al hierdie vraelyste aan my gestuur vir insae en ontleding. Nadat die gegewens verwerk en ontleed is, is die ontleding van die T.O. ontvang. Die ooreenkoms is merkwaardig, en slegs enkele klein verskille kom voor wat toegeskryf kan word aan die wyse waarop die gegewens wat deur skoolhoofde verskaf is, soms interpreteer is.

Voordat die Onderwysdepartement die memorandum van die T.O. ontvang het, het die volgende berig in die pers verskyn: „Daar sal oorweging geskenk word aan 'n memorandum van die Transvaalse Onderwysersvereniging waarin beswaar aangeteken word teen die huidige skoolkalender, sodra dit ontvang word, het die Adjunk-direkteur van Onderwys gister gesê. Indien daar sterk beweegredes in die memorandum vervat is, sal dit aan die Uitvoerende Komitee voorgelê word. Die huidige skoolkalender is gegrondves op die aanbevelings van 'n kommissie van ondersoek en sover dit die Onderwysdepartement betref, heeltemal doelmatig is. Die skoolkalender is ook reeds vasgestel tot in 1962 en geen veranderings kan aangebring word voor 1963 nie."[39]

Hierdie memorandum[40] wat deur die T.O. aan die Departement voorgelê is bevat die volgende:

<u>i. Betroubaarheid</u>

Die antwoorde verskaf op vrae 1, 2, 6 en 7 kan as betroubaar beskou word terwyl dié op vrae 3, 4 en 5 nie baie betroubaar is nie aangesien skole vir hierdie gegewens in baie gevalle van die leerlinge afhanklik was, van wie party nog baie klein en die oordeelsvermoë dus onbetroubaar is.

---

39. Persberig: Die Transvaler, Vrydag 25 Augustus 1961.
40. Ontleding van sy vraelys van 12 Mei 1961, deur die T.O.

ii. Verloftye, reisgeriewe en huisvesting (vraag 3)

Van die 150,000 leerlinge reis 12½-duisend (8%) per trein en die res per motor na vakansieoorde. Die meeste van hierdie treinreisigers skyn die kinders van spoorwegwerkers te wees.

Slegs 12½-duisend (8%) van die leerlinge maak gebruik van hotel- en losieshuisgeriewe, terwyl ongeveer 15½-duisend oor dieselfde tydperk gedurende 1960 gekampeer het.

Ook het ongeveer 4,000 (2.6%) verklaar dat hulle moes tuisbly weens die feit dat geen huisvesting by vakansieoorde beskikbaar was nie. Miskien is 'n groot deel hiervan mense wat slegs by besondere plekke soos die A.T.K.V. se vakansieoord o.a. nie huisvesting kon kry nie. Dit skyn dus dat die „omwenteling wat die gedifferensieerde skoolrooster ten gevolge gehad het, skaars geregverdig was."[41]

Gedurende die Aprilvakansie het 4116 (2.7%) per trein gereis terwyl 3648 (2.4%) in hotelle en losieshuise tuisgegaan het en 5347 (3.6%) het van kampeergeriewe gebruik gemaak. Dit skyn ook dat daar nie 'n groot „behoefte aan 'n langer Aprilvakansie bestaan het nie."[42]

Daar was heelwat tussen-provinsiale besoeke. In 1960 was 12½-duisend leerlinge in Kaapland, 17½-duisend na die Vrystaat en 9,000 na Natal, dus 'n totaal van 26%. Hieruit blyk dit dat die familiebande nog sterk is en vra die T.O. dat „die owerheid nie die verslapping van daardie bande deur onoordeelkundige vakansiereëlings sal aanmoedig nie."[43]

iii. Werknemers (Vraag 4)

Die doel met die vraag was om vas te stel in watter mate werkgewers die verlof van hulle werknemers moet reël om hulle vir bepaalde tye in Desember of Januarie te laat gaan.

Volgens die opgawes is 32% leerlinge se ouers hiermee gemoeid. Hierdie getal sluit ook boere en ander selfstandige ouers in en die afleiding kan gemaak word dat ongeveer 8,500 werkers in die boubedryf en 'n groot aantal fabriekswerkers nadelig getref word met 'n sluiting van die skool na 15 Desember.

---

41. Ontleding van sy vraelys van 12 Mei 1961, deur T.O., 2.
42. Idem.
43. Idem.

iv. Oestyd (Vraag 5)

Klaarblyklik was die doel van die vraag om vas te stel of die arbeid van kinders van wesenlike belang gedurende die wintervakansie is, veral natuurlik op die hoëveld. Slegs 8,263 (5%) het bevestigend geantwoord. Die verslag meld „Hoe langer die wintervakansie, hoe meer kan die groter seuns tot die bevordering van die landbou bydra."[44) Uit die vraelyste is ook gemerk dat in baie laerskole daar 'n groot aantal leerlinge hulp verleen met die oeswerk. Die wesenlike waarde van hulle dienste, word sterk betwyfel.

v. Keuse van Onderwysers en Ouers (Vraag 2)

Hierdie vraag stel die keuse tussen die langer vakansie in April en 'n korter vakansie in Julie en stel ook vas wat die gevoelens is ten opsigte van 'n laat sluiting na 16 Desember en die houding teenoor die tradisionele kalender. Sommige skole het ook die ouers geraadpleeg en in party gevalle was die keuse van onderwysers ook 'n weerspieëling van die gevoelens van die gemeenskappe.

Van die 5572 onderwysers is 4967 (89%) ten gunste van 'n wintervakansie van vier weke en 'n korter April-vakansie. Van die andersdenkendes stel party voor dat die Aprilvakansie ten koste van die wintervakansie verleng word, terwyl ander dit ten koste van die somervakansie wil laat geskied. Die meerderheid van die 549 (10%) onderwysers wat anders dink, is in die warmer streke werksaam. Dit is ook opmerklik dat onderwysers ook in groepe dink.

Die grootste aantal onderwysers nl. 5295 (95%) verklaar hulle teen die sluiting van die skool na 16 Desember. Verskeie redes word aangevoer maar die druk verkeer op die paaie naby Kersfees en die gevaar van padongelukke word as sterk argument beklemtoon.

Die grootste persentasie onderwywers, nl. 5068 (89%) dring onvoorwaardelik daarop aan dat die ou tradisionele kalender weer herstel moet word, terwyl ongeveer 7% teen die ou skoolkalender gekant is.

vi. Opvoedkundige oorweging (Vraag 6)

Hierdie vraag word as die belangrikste beskou. Geen afsonderlike stemming is gehou nie, slegs antwoorde

---

44. Ontleding van Vraelys deur T.O., 3.

van skole is verwag en heelwat skole het hulle stem nie laat geld nie.

(a) Vraag: „Is die langer Aprilvakansie bevorderlik vir die Onderwys?"

Hierop het 352 skole (85.6%) ontkennend en 18 (4.3%) erkennend geantwoord. Teen die langer April-vakansie word redes aangevoer soos:

April is die gunstigste studietyd van die jaar. 'n Lang onderbreking na 'n kort eerste kwartaal is nadelig vir die onderwys. Op hierdie tydstip het leerlinge ook nog geen behoefte aan lang rus nie. Om dus 'n week vakansie in Julie te verruil vir 'n week in April kan slegs die skoolbesoek nadelig tref. Ook sal huisgesinne nie maklik 'n huis vir die korter Julie-vakansie kan huur nie sonder om vir 'n volle maand daarvoor te betaal nie.

(b) Vraag: „Is die korter vakansie in Julie bevorderlik vir die Onderwys?"

Op die vraag het 343 skole (83.4%) ontkennend en 33(8%) erkennend geantwoord. Redes soos die volgende is aangevoer:

Julie is die koudste maand en met die swak verwarmingstelsels in skole moet die onderwys noodwendig daaronder ly. Ook is kinders op pad skool toe en ook terug huis toe, en selfs by die skool, blootgestel aan koue wat ernstige verkoues ten gevolg kan hê. Busleerlinge voel die koue baie en „'n mens moet uiters ongevoelig wees as jy die lot van klein kindertjies in sulke omstandighede nie betreur nie."[45]

Daar word ook verder gemeld dat die skoolbesoek in die hartjie van die winter swakker is. Die oorweging om huise vir 'n volle maand te huur soos genoem onder (a) word ook weer genoem.

(c) Vraag: „Is die laat sluiting in Desember bevorderlik vir die Onderwys?"

Op hierdie vraag antwoord 370 skole (90%) nee en slegs 7 (1.5%) ja en wel om die volgende redes:

Weens die hitte in Desember kan leerlinge en onderwysers nie hulle beste lewer nie. Dit maak ook die vierde kwartaal te lank en die eerste te kort. Die aandag word ook reeds verdeel as gevolg van die feesatmosfeer.

---

45. Ontleding van vraelys deur T.O., 4.

Die laat sluiting bring die ouers wat reeds al verlof vroeër in Desember moes neem, in botsing met die skole indien hulle versoek geweier word om hulle kinders saam te neem met vakansie.

(d) Vraag: „Is Geloftedag gedurende die kwartaal bevorderlik vir: i. die onderwys en ii. die viering van Geloftedag?"

Daarop antwoord 339 (80%) en 231 (56%) onderskeidelik ontkennend en 29 (7%) en 127 (30%) erkennend. Skole wat ontkennend antwoord, voer o.a. die volgende redes aan:

Die onderwys ly daaronder deurdat die feesdag die aandag van die leerlinge verdeel. Maar die feesdag ly ook daaronder deurdat:

„1. Geloftedag as gesinsfees sy betekenis sal verloor en geleidelik nie meer gevier word nie;
2. mense op die plattelande nie meer in groot getalle sal kom saamtrek om 'n paar dae fees te vier nie;
3. kinders by sulke saamtrekke nie meer 'n waardevolle bydrae sal kan maak nie;
4. die eise van die skool die stemming van leerlinge bederf wat nog wel feeste bywoon;
5. onderwysers te besig sal wees om as sprekers op te tree;
6. die kultuur van die volk op hierdie wyse ondergrawe word." 46)

(e) Vraag: „Is Krugerdag gedurende 'n kwartaal bevorderlik vir die viering daarvan?"

Op hierdie vraag het 60% van die skole bevestigend en 28.7% ontkennend geantwoord. Daar is dus ook 'n groot aantal skole wat 10 Oktober dus gedurende die vakansie verkies maar die meeste verkies dit egter in 'n kwartaal.

vii. Gedifferensieerde kalender vir lae- en hoëveld (Vraag 7)

Aan die onderwysers in die warm streke is die vraag gestel of hulle 'n gedifferensieerde kalender vir die warm streke verkies waarop slegs 62 erkennend en 714 ontkennend antwoord. Die meerderheid is ook teen die beginsel om 'n langer somervakansie en 'n korter wintervakansie daar te stel. Veral die onderwysers in die baie warm streke dring aan op 'n korter winter- en langer somervakansie. Die T.O. kom dan tot die gevolgtrekking „dat die twee klimaatstreke in so 'n mate van mekaar verskil dat hulle nie sonder skade vir die onderwys deur dieselfde skoolkalender gedien kan word nie. Hoeseer ons kol-

---

46. Ontleding van die vraelys deur die T.O., 5.

legas ook teen differensiasie gekant is, is dit duidelik dat hulle van sekere geriewe moet afsien ten einde vir elke streek 'n kalender te kry wat vir die onderwys voordelig sal wees. 'n Gedifferensieerde kalender sal die Onderwysdepartement wel 'n bietjie ongerief berokken, maar dit kan nie toegelaat word om in die weg van 'n gesonder oplossing te staan nie."[47]

viii. Samevatting

Na ontleding van die vraelys, kom die T.O. dan ten slotte tot die volgende gevolgtrekkings;

„(a) Beskou uit 'n opvoedkundige oogpunt, bestaan daar geen regverdiging vir die verlenging van die Aprilvakansie nie. Die hotelle en die Spoorweë trek wel voordeel daaruit, maar die onderwys ly bepaald daaronder.

(b) Die wintervakansie moet op die hoëveld oor die volle Juliemaand strek. In die laeveld sal dit ten gunste van 'n langer somervakansie verkort moet word.

(c) Orals in Transvaal moet die vierde kwartaal voor 16 Desember afsluit.

(d) Dit dwing 'n mens tot die gevolgtrekking dat die tradisionele kalender met differensiasie tussen hoë- en laeveld nog die beste aan al die eise vir ons land beantwoord." 48)

d. VRAELYS VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT BETREFFENDE SKOOLVAKANSIES GERIG AAN HOOFDE EN PERSONEEL VAN ALLE SKOLE

Moontlik het die vraelys wat deur die T.O. aan skole gestuur is, sowel as die bevindinge en gevolgtrekkings wat onder afdeling c (bl. 112) van hierdie hoofstuk bespreek is, die Transvaalse Onderwysdepartement in April 1962 laat besluit om die saak weer eens deur die Onderwysburo te laat ondersoek. Bevindinge is nog nie beskikbaar nie. Hierdie ondersoek kan as een van die omvattendste ondersoeke beskou word wat nog ooit deur die Onderwysdepartement oor die verspreiding van skoolvakansies gelas is. Alle provinsialeskole moes die vraelys voltooi en dit sal dus meer verteenwoordigend wees as die van die T.O. (Bylaag 4).

Die bevindinge en aanbevelings van die Onderwysburo behoort van besonder groot waarde te wees vir die onderwysowerhede en dit mag 'n groot bydrae lewer tot die oplossing van hierdie kontensieuse organisatoriese onder-

47. Ontleding van die vraelys deur die T.O., 6.
48. Ibid., 7.

wysaangeleentheid.

e. INVLOED VAN DIE SKOOLKALENDERS 1961-1962 OP BINNELANDSE VAKANSIEOORDE EN SAAMTREKPLEKKE

Die Krugerwildtuin is 'n nasionale bate, iets waarop ons hele volk met reg trots kan wees. Die voortbestaan en beheer daarvan is vir al die provinsies van groot belang. Die mineraalbaddens van Transvaal, die openbare oord Loskopdam, sowel as die onderwys in openbareskole, vorm ook 'n deel van die verantwoordelikhede van die provinsie van Transvaal. Daar is dus 'n duidelike verband tussen die skoolvakansies en die besoeke aan die binnelandse oorde. Uit die statistiese gegewens wat hierna volg, kan moontlik afleidings en gevolgtrekkings gemaak word om die verband en die invloed van skoolvakansies op besoeke na dié oorde, te probeer aantoon.

i. Die Nasionale Krugerwildtuin

Die volgende statistiek i.v.m. besoeke aan die Krugerwildtuin is verstrek deur die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke.

TABEL 26

BESOEKE : KRUGERWILDTUIN VIR TYDPERK 19 JUNIE TOT 29 JULIE 1959 49)

| | VOLWASSENES | KINDERS | TOTAAL | PERSENTASIE |
|---|---|---|---|---|
| Transvaal | 16,704 | 9,978 | 26,682 | 67.8 |
| O.V.S. | 1,750 | 1,097 | 2,847 | 7.2 |
| Natal | 898 | 466 | 1,364 | 3.5 |
| Kaapland | 6,575 | 1,867 | 8,442 | 21.5 |
| | 25,927 | 13,408 | 39,335 | - |

Ons kan die volgende afleidings maak:

In 1959 het Kaaplandse skole reeds op 19 Junie gesluit terwyl die ander provinsies eers op 26 Junie gesluit het. Kaaplandse skole het egter weer 'n week voor die van Natal en twee weke voor O.V.S.- en Transvaalse skole begin. Transvalers vorm verreweg die grootste persentasie van besoekers terwyl Kaaplanders ook graag gedu-

49. Gegewens ontvang vanaf die Direkteur, Raad van Kuratore vir Nasionale Parke. K.60/3 Vol.3 (23) gedateer 17/6/61.

rende die tydperk in die Krugerwildtuin besoek aflê. Natallers het skynbaar nie veel erg daaraan gedurende die tydperk getoon nie.

TABEL 27

UITTREKSEL UIT STATISTIEK VAN BESOEKE AAN KRUGERWILDTUIN ; JANUARIE 1960-MEI 1962 50)

| | 1960 | 1961 | 1962 |
|---|---|---|---|
| Januarie | 5096 | 5864 | 6588 |
| April | 7878 | 8578 | 11,971 |
| Junie | 13,034 | 19,290 | - |
| Julie | 31,544 | 33,881 | - |
| Totaal vir jaar | 137,113 | 152,463 | - |
| Georganiseerde skoolgroepe April | 343 | 23 | 670 |

Die volgende afleidings kan gemaak word:

(a) Alhoewel gering, kan die hoër aantal besoekers vir Januarie in 1962 moontlik aan die feit toegeskryf word dat die skole in al die provinsies redelik laat in Januarie begin het.

(b) Die hoër besoeksyfer vir April kan toegeskryf word aan die lang Aprilvakansie in 1962 in die O.V.S. en Transvaal.

(c) Moontlik was die vroeë sluiting van skole in die O.V.S. en Kaapland in Junie vir 1961 bevorderlik vir die toename van besoeke in daardie maand. (Sluitingsdatums 8 en 9 Junie).

(d) Die geringe toename van besoeke in Julie 1961 kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die lang vakansie vir Transvalers.

(e) Die groot toename van georganiseerde skoolgroepe in April 1962 kan alleen toegeskryf word aan die lang vakansie van skole in O.V.S. en Transvaal gedurende April.

ii. Mineraalbaddens

Die volgende statistiek van besoeke aan die Mineralebaddens Badplaas, Tshipise en Warmbad is ontvang van die Direkteur van die Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens.

50. Gegewens ontvang Direkteur, Nasionale Parke K.60/3 Vol. 3 (50), 26 Junie 1962.

TABEL 28

STATISTIEK : BESOEKE AAN MINERAALBADDENS GEDURENDE SKOOLVAKANSIES 51)

| BESOEKE VOLGENS VAKANSIETYE | 1960 | 1961 | 1962 |
|---|---|---|---|
| April | 60,332 | 57,688 | 82,677 |
| Julie | 113,033 | 111,834 | - |
| Oktober | 54,418 | 69,250 | - |
| Desember | 54,096 | 50,349 | - |
| Totaal vir hele jaar | 391,680 | 546,339 | - |

TABEL 29

AANTAL KINDERS INGESLUIT IN STATISTIEK IN TABEL 28 52)

| AANTAL KINDERS | 1960 | 1961 | 1962 |
|---|---|---|---|
| April | 23,334 | 22,415 | 32,379 |
| Julie | 44,272 | 38,430 | - |
| Oktober | 17,010 | 21,849 | - |
| Desember | 21,977 | 17,631 | - |

Uit gegewens in tabelle 28 en 29 kan ons die volgende gevolgtrekkings maak:

(a) Moontlik is die waarde van April as vakansiemaand nog nie in 1961 ten volle besef nie. In April 1962 het die besoeke verbasend gestyg.

(b) 'n Besonder groot aantal kinders besoek ook gedurende vakansies hierdie baddens.

(c) Die daling van besoeke van kinders in Julie 1961 teenoor die van 1960 dui daarop dat slegs Transvaal gedurende die tydperk vakansie gehad het. Skole in ander provinsies het reeds vroeg in Julie begin. Ongelukkig is daar nie gegewens verskaf vir Junie 1961 nie om sodoende te kon vasstel in hoeverre die vakansie in O.V.S. en Kaapland hierdie besoeke beïnvloed het nie.

iii. Openbare Oord Loskopdam

Hierdie vakansieoord het in die jongste tyd meer en meer bekend en ook gewild geword. Uit gegewens wat van die Direkteur van Natuurbewaring ontvang is, blyk dit dat die toename van besoekers aan die oord soos volg was:

51. Gegewens verstrek deur Direkteur, Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens, M.B.12-1, 26 Junie 1962.
52. Idem.

TABEL 30

STATISTIEK : BESOEKERS AAN OPENBARE OORD LOSKOPDAM [53]

| TYDPERK | | Volwassenes | Kinders | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| April | 1959 | 1170 | 445 | 1615 |
| | 1960 | 3612 | 1775 | 5387 |
| | 1961 | 5842 | 2129 | 7971 |
| | 1962 | 8267 | 4871 | 13138 |
| Desember | 1959 | 3783 | 1954 | 5737 |
| | 1960 | 6065 | 2013 | 8078 |
| | 1961 | 6151 | 3221 | 9372 |
| Januarie | 1960 | 2340 | 1038 | 3378 |
| | 1961 | 2970 | 1769 | 4739 |
| | 1962 | 5642 | 3601 | 9243 |
| April 1959 - Maart 1960 | | 18,539 | 7822 | 26,361 |
| April 1960 - Maart 1961 | | 25,686 | 10,863 | 36,549 |
| April 1961 - Maart 1962 | | 36,338 | 17,039 | 53,377 |

Gedurende die skoolvakansies in Julie en Oktober was daar ook jaarliks 'n stadige groei in die aantal besoekers. Ook gedurende die vakansietye Desember en Januarie toon die syfers 'n jaarlikse vinnige styging. Die feit dat die verskynsel ook merkbaar is in die geval van besoeke van kinders toon dat dit by uitstek ook 'n vakansieoord vir families is wat gedurende vakansietye besoek word.

Die styging van aantal besoekers vir April 1962 is fenominaal, weer eens 'n bewys van die gewildheid van die maand as vakansiemaand, veral ook vir ons boeregemeenskap.

iv. Samevatting

Uit die statistiek van aantal besoeke aan die binnelandse vakansieoorde blyk dat die verspreiding van vakansies toerisme bevorder en ook meer moontlikhede daarstel vir families om saam binnelandse oorde te besoek. Die Direkteur van die Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens skryf soos volg:

„Ek is bewus daarvan dat daar probleme ontstaan vir sommige toeriste wat kinders in verskillende Provinsies op skool het, maar daar vind tog 'n oorvleueling plaas in Desember/Januarie en moontlik ook in April en Julie. My Raad verwelkom verder die lengte van die huidige Aprilvakansie. Dit bied tog die geleentheid aan toeriste om

53. Gegewens verstrek deur Direkteur van Natuurbewaring, F.F.14(3), 6 Junie 1962.

'n Aprilvakansie op te weeg teen 'n Julie-vakansie wat tans ewe lank is. By gevolg hoop ek dat die huidige Transvaalse kalender behou sal word met aanpassing deur die ander Provinsies." 54)

Hierdie sienswyse word waarskynlik ook deur die verantwoordelike instansies van die vakansieoorde gehuldig. Enersyds is daar die landsbelang en andersyds is daar die opvoedkundige oorwegings wat met die verspreiding van skoolvakansies gemoeid is. Dit is nodig om die ewewig te bewaar en 'n goue middeweg te vind.

f. MENINGS UITGESPREEK IN DIE PERS OOR DIE TRANSVAALSE SKOOLKALENDER 1961-1962

Nadat die nuwe skoolkalender vir Transvaalse skole in die praktyd beoefen is, is die volgende menings in die pers daaroor uitgespreek.

i. „Huidige vakansies bevorder toerisme"55)

„Die instelling van verspreide skoolvakansies in die onderskeie provinsies is bevorderlik vir die toerisme in die land te oordeel aan die ervaring van die Rondaliatoerklub die afgelope wintervakansie." In dieselfde berig is daar ook verklaar „dat die klub se besprekingsyfer vir Julie 'n styging van 20% toon en geen moeilikheid is ondervind om vakansiegangers geplaas te kry nie omdat hulle as het ware beurtelings geherberg is met die Kaapse vakansie in Junie en dié in Transvaal in Julie."

Voorts word daar ook verklaar dat toeriste nou langer by 'n oord kan vertoef en dat die toestroming nie opeens plaasvind nie sodat hulle nie vertrap word nie.

ii. „Skoolkalender en die Ouers."56)

Na aanleiding van 'n berig in een van die dagblaaie waarin gemeld word dat die Adjunk-direkteur van Onderwys verklaar dat daar oorweging geskenk sal word aan die memorandum van die T.O. waarin beswaar gemaak word teen die huidige skoolkalender het 'n briefskrywer soos volg geskryf:

„Die meeste boere kan gedurende Desember en Julie nie weggaan met vakansie nie. Laat die April-vakansie bly soos dit is. Dis die enigste tyd wanneer die meeste boere

---

54. Brief van Direkteur, Raad van Kuratore vir Mineraalbaddens, gedateer 26 Junie 1962.
55. Persberig: Die Transvaler, 26 Julie 1961.
56. Ibid, 25 Augustus 1961.

kan gaan ontspan. In die Kaap is dit lankal so."[57] Verder verklaar die briefskrywer dat skole miskien die sport, atletiek ens. kan verminder teneinde meer tyd te vind vir werk. Hy vind ook geen fout met die skoolbusse waarmee leerlinge vervoer word nie en daar kan afgelei word uit die brief dat die verkorting van die Julievakansie en die gevolglike verlenging van die Aprilvakansie goedgekeur word.

iii. „Skakel Skoolkinders in by Volksfeeste"[58]

'n Briefskrywer uit Pongola aan die redaksie van een van ons Afrikaanse dagblaaie verklaar dat daar by 'n groot aantal plekke op die platteland geen plaaslike heldefeeste gereël is op Heldedag nie. Baie koshuisleerlinge het gevolglik die dag verveeld deurgebring. Daar word dan voorts 'n beroep gedoen op die skole om die kinders aktief in te skakel by feeste op Helde- sowel as Geloftedag. „Ek wil ook graag 'n beroep doen op ons Departement van Onderwys om planne te beraam om hierdie feeste, en ook ander volksfeeste wat in die kwartaal val, aktief in te skakel by ons leerplanne. Ons mag nie toelaat dat ons volksfeeste gevier word apart, buite en los van ons skole en ons kinders nie."

iv. „Lang laaste kwartaal 'n mislukking."[59]

In 'n artikel in 'n Afrikaanse Sondagblad is daar in Desember 1961 groot prominensie verleen aan die skoolvakansies met groot opskrifte waarin bv. beweer is dat die kinders al vir twee weke lank niks op skool doen nie, stokkies draai, gaan fliek en dat die skoolbywoning swak is. In die berig word daar gemeld dat honderde kinders wat nog op die skoolbanke moes sit, reeds al onwettig vakansie hou en na verwagting sou die skoolbesoek verder met ongeveer 25% gedurende die laaste paar dae van die kwartaal daal.

„Vanweë hierdie toestand word kinders bloot besig gehou met werk wat dikwels heeltemal nutteloos is. Daar is kinders wat sê dat hulle die afgelope tien dae niks doen nie. Talle verklaar openlik dat hulle gaan fliek!"[60] Verder word daar ook menings van skoolhoofde in die berig uitgespreek, nl. dat die uitgestrekte skoolkwartaal moont-

---

57. Persberig: Die Transvaler, 8 September 1961.
58. Ibid., 18 November 1961.
59. Persberig: Die Vaderland se Sondagblad, 17 Desember 1961.
60. Idem.

lik ook die eksamenprestasies nadelig kan beïnvloed omdat die kinders sowel as hulle onderwysers teen die end dood moeg is. „Die lang laaste kwartaal put veral die kinders in die laerskole baie uit. Hulle werk hulle werk, oor en oor deur, en die eksamen kom nie. Wanneer dit uiteindelik aanbreek, is die kinders senuweebolle"[61] aldus die berig.

In die persartikel word ook verder gewys op die ongerief wat ouers moet verduur as gevolg van die laat sluiting. Ook is die feesstemming wat daar teen die helfte van Desember reeds heers, orals in skole waarneembaar en word die werk sowel as die dissipline van 'n skool gevolglik daardeur benadeel. Van die hoofde en onderwysers wat ondervra is, was daar slegs een hoof wat in die lang laaste kwartaal iets goeds sien. Die baie funksies, skoolwerk en die finale afronding van die jaar se werk word makliker behartig indien die laaste kwartaal lank is.

Indien die gegewens in die berig waar is, dan is daar in elk geval groot fout met die gees, gesindheid, werksverdeling en organisasie van die betrokke skole. Gevolglik sal daar dan soortgelyke toestande in so 'n skool heers ongeag die sluitingsdatum van die vierde kwartaal.

v. „Sharp row blows up over school holidays."[62]

In 'n artikel in een van die Engelse Sondagblaaie word daar verklaar dat die verspreiding van skoolvakansies in die verskillende provinsies aanleiding gegee het tot skerp meningsverskille. In die berig word die sienswyse van verskillende belanghebbende organisasies en instansies weergegee. So word daar gemeld dat die hoteleienaars en vakunies die skema opponeer terwyl die handel en die Spoorweë dit sterk ondersteun. Hotelbase in Kaapland is veral baie gekant teen die laat sluiting van Transvaalse skole. „Opposed to the late starting of the Transvaal school holidays are Cape hoteliers, who claim that the province's £20,000,000 tourist trade is being threatened with ruin. A prominent Cape hotelier said that many Peninsula hotels had been empty until about December 23rd, when Transvaal visitors started to arrive."[63] Die mening is ook uitgespreek dat Transvalers nou na oorde in hulle eie provinsie of na Natal gaan omdat dit te ver is na die Kaap en die tyd tussen die sluitings-

---

61. Persberig: Die Vaderland se Sondagblad, 17 Desember 1961.
62. Persberig: Sunday Times, 14 Januarie 1962.
63. Idem.

datum van skole en Kersfees te kort is.

'n Woordvoerder van die „South African Trade Union Council" het verklaar dat die skoolvakansies in Transvaal 'n week later 'n aanvang neem as die verpligte industriële vakansies. Baie ongerief word op die wyse veroorsaak. Die president van die Meesterbouersvereniging het egter verklaar „We applied to the Industrial Council to have our holiday changed as soon as we realised that the new school calender would not fit in with our gazetted break."[64]

Daar word verder verklaar dat die Transvaalse Onderwysersvereniging sowel as die Transvaalse Vroue Landbou-unie ook teen die nuwe reëling gekant is. Laasgenoemde verkies dat die vakansie in Desember voor Geloftedag moet begin.

Maar die beriggewer verklaar dat daar ook diegene is wat ten gunste van die nuwe reëling is. 'n Woordvoerder van die Johannesburgse Kamer van Koophandel is veral bly omdat winkelklerke nou ook met hulle families gedurende Januarie vakansie kan gaan hou sodra die Kersfees-stormloop verby is. Hierdie sienswyse word ook deur baie sakemanne gehuldig.

Dan is daar nog die president van die Transvaal Teachers Association se sienswyse ten gunste van die nuwe skoolkalender omdat sy organisasie „fought for this January closing for many years."[65] Ook is 'n amptenaar van die Spoorweë van mening dat die nuwe stelsel baie geriefliker is. „It spread out the concentration of passengers and enabled the Railways to provide a better service."[66]

In hierdie berig is daar heelwat interessante en belangrike bewerings en sienswyse van verantwoordelike persone. Die meeste daarvan is reeds in hierdie ondersoek op die een of ander wyse genoem of bespreek. 'n Ander aspek in die berig wat ook van belang is, is die feit dat winkelbase hulle blydskap uitspreek oor die laat sluiting in Desember sodat vakansiegangers eers hulle Kersfeesinkopies hier in Transvaal kan afhandel voordat hulle na vakansieoorde in die ander provinsies vertrek. Iets wat ook van groot belang is vir die provinsie omdat Transvaal ook finansieel daarby baat.

---

64. Sunday Times, 14 Januarie 1962.
65. Idem.
66. Idem.

vi. „Dink kalm oor skoolvakansies vra L.U.K."[67)]

Volgens die berig het mnr. S.G.J. van Niekerk, L.U.K., by 'n byeenkoms van die ouer-onderwysersvereniging van 'n skool in Pretoria 'n beroep op ouers en skole gedoen om die gewysigde skoolvakansierooster in die volgende twee jaar kalm te oorweeg en dan hulle menings daaroor te gee.

Die verspreiding van die vakansies hou besliste voordele vir die Republiek in die geheel in. So b.v. kan die vervoerwese, met inbegrip van die Spoorweë met dieselfde kapitaaluitleg baie meer mense vervoer. Ook sal die toeloop na vakansieoorde baie verminder en die gebalanseerde seisoen sal veral voordelig wees vir kusoorde, die Kruger Wildtuin en die mineralebaaie.

As gevolg van die laat sluiting is Geloftedag nou binne die skoolkwartaal. Dit is ook wenslik dat skole die moontlikheid kan oorweeg om net soos dit in die geval van 10 Oktober is, ook Geloftedagfeeste te reël op die dag voor of op die dag na Geloftedag. Sodoende kan leerlinge ook nog die feeste op Geloftedag self bywoon.

Die spreker het ook verder verklaar: „Daar word beweer dat die leerlinge nou nie in die laaste paar dae van die vierde kwartaal werk nie. Indien dit waar sou blyk te wees, sal stappe gedoen moet word om dit reg te stel. Die neiging was egter daar ongeag die sluitingsdatum."[68)]

Volgens die berig het die spreker soos volg afgesluit: „As daar nie opvoedkundige nadele is nie en as moontlike persoonlike ongerief met verloop van tyd verdwyn, dan moet die talle voordele wat die nuwe reëling inhou, die deurslag gee ten gunste van die gewysigde rooster."[69)]

5. GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk het ons die skoolkalender van Transvaal met al sy fasette onder die soeklig geplaas. Ons het die resultate en aanbevelings as gevolg van navorsing, ondersoeke, vraelyste ens. verneem van die Onderwysburo, die Parlementêre Komitee, die T.O., ander belanghebbende liggame sowel as die van individue. Voortvloeiend hieruit

67. Persberig: Die Transvaler, 30 Maart 1962.
68. Idem.
69. Idem.

kan ons dan min of meer tot die volgende gevolgtrekkings kom:

Die Onderwys-buro van die Transvaalse Onderwys-departement is van mening dat die tradisionele kalender uitgedien is en dat 'n twee- of drie-termynstelsel die aangewese oplossing bied.

Die Boshoff-Kommissie is weer voorstanders van 'n verspreiding van al die skoolvakansies in die verskillende provinsies. Om dit te kan bereik stel hulle vier verskillende skemas vir die provinsies voor nl. 'n vier-kwartaaljaar, 'n drie-termynjaar en 'n vier-kwartaal- en drie-termynjaar met skool op Saterdae. Dit is dus geen provinsialistiese verslag nie maar dit is beoog om van nasionale belang te wees. Sodoende word die belang van baie instansies in berekening gebring en nie net die van die onderwys nie.

Die T.O. huldig deurgaans die standpunt dat die belange van die onderwys belangriker is as die van die hotelwese en Spoorweë maar poog tog om 'n oplossing te bied waarin die belange van skoolouers ook in aanmerking geneem word. Die T.O. bly dus maar voorstanders van die tradisionele kalender. 'n Twee-termynstelsel met die gebruiklike kort vakansies gedurende April en Oktober is ook aanvaarbaar. Om die hele Julie as vakansiemaand op die hoëveld te behou, bied die instelling van gedifferensieerde kalenders vir hoë- en laeveldstreke die gewensde oplossing. Die sluiting van skole na 16 Desember word ook afgekeur.

Provinsiale onderwys in Transvaal vorm 'n integrale deel van die verantwoordelikhede van die provinsie. Die nuwe skoolkalender met veral die langer Aprilvakansie, is bevorderlik vir die besoeke aan Transvaalse Mineraalbaddens en ander binnelandse vakansieoorde. Dit, tesame met die Kersgety-inkopies, vul ook die provinsiale kas wat weer die onderwys ten goede kom. Gepaard hiermee gaan ook nog die opvoedkundige- en fisieke waardes wat leerlinge deur die vakansies baat.

Bewyse is ook gelewer dat die nuwe reëling van vakansies bevorderlik vir toerisme is. Verder is veral die Transvaalse vakansies nie voordelig vir die hotelwese

in Kaapland nie.

Die verskillende vakunies soos bv. die van die boubedryf ens. kan vroegtydig aansoek doen by die Nywerheidsraad om hulle verpligte vakansies te laat saamval met die skoolvakansies. Hierdie beswaar deur die T.O. en ander instansies is nie wesenlik en onoorkoomlik van aard nie.

Daar is dan ook talle persone wat bv. verskil oor die wenslikheid van 16 Desember in die skoolkwartaal al dan nie. Soveel te meer sal geen vakansiereëling met al sy komplikasies ooit alle belanghebbende instansies of persone tevrede stel nie.